# DOOD EN OPSTANDING

**Ds. P.J. de Bruyn**

**Gereformeerde kerk Pretoria-Sunnyside**

www.christelikemedia.org

**Pretoria** **1970**

WOORD VOORAF ..... 3
HOOFSTUK I ..... 4
DIE GELOOF AAN DIE OPSTANDING UIT DIE DODE ..... 4
1. DIE LOËNING VAN DIE OPSTANDING ..... 4
2. GELOWIGE AANVAARDING VAN DIE OPSTANDING ..... 5
HOOFSTUK II ..... 7
DIE SEKERHEID VAN DIE OPSTANDING ..... 7
1. CHRISTUS HET WAARLIK OPGESTAAN ..... 7
2. CHRISTUS SE OPSTANDING BETEKEN ONS OPSTANDING ..... 8
3. DIE NATUUR LEER DIE OPSTANDING UIT DIE DODE ..... 9
HOOFSTUK III ..... 10
TUSSEN DOOD EN OPSTANDING ..... 10
1. BY DIE DOOD ..... 10
2. DIE VOORTBESTAAN VAN DIE MENS NA DIE DOOD ..... 12
3. DIE BEWUSTE LEWE NA DIE DOOD ..... 15
4. WEERSIEN NA DIE DOOD? ..... 16
5. DIE RUS IN DIE VADERHUIS ..... 18
6. GEEN BEKERING NA DIE DOOD ..... 19
7. KONTAK MET AFGESTORWENES? (SPIRITISME) ..... 20
8. VOORLOPIGE VREUGDE OF SMART ..... 22
HOOFSTUK IV ..... 23
HEDERKOMS EN OPSTANDING ..... 23
1. WAT SAL GEBEUR? ..... 23
2. DIE DOOD VAN DIE DOOD ..... 25
3. DIE OPSTANDINGSLIGGAAM ..... 25
4. VOLMAAKTE KENNIS ..... 30
5. BELONING ..... 32
6. ALTYD BY DIE HERE ..... 32
HOOFSTUK V ..... 34
EINDOORDEEL EN EWIGE BESTEMMING ..... 34
1. DIE OORDEELSDAG ..... 34
2. DIE EWIGE DOOD (DIE HEL) ..... 36
3. DIE EWIGE LEWE (DIE SALIGHEID) ..... 39
3.3. WAT SAL ONS DAAR DOEN? ..... 41

# WOORD VOORAF

Om begryplike redes ontstaan daar baie vrae oor die dood en die lewe ná die dood by gelowiges wat dierbares deur die dood verloor. Hier word 'n poging aangewend om antwoord te gee op sommige van die vrae. Geen aanspraak word gemaak op volledigheid nie. Ook is die doel van hierdie skrywe nie apologeties nie. Derhalwe is die behandeling en beoordeling van ander standpunte tot 'n minimum beperk.

Mag dit diensbaar wees in die koninkryk van God.

*PRETORIA*
*November 1970* *P.J. DE BRUYN*

# HOOFSTUK I

## DIE GELOOF AAN DIE OPSTANDING UIT DIE DODE

Die geloof aan die opstanding uit die dode is van beheersende betekenis vir ons hele lewe, ook vir die lewe van dag tot dag in ons gewone, daaglikse arbeid en wedervaringe. Bewus of onbewus word alles wat ek doen daardeur bepaal: die manier waarop ek my daaglikse werk verrig, die wyse waarop ek omgaan met mense, die ambisie en idealisme wat ek koester - alles word beslis en duidelik daardeur bepaal of daar vir my na hierdie lewe 'n opstanding uit die dode wag of nie.

Hierdie saak het die apostel Paulus baie goed begryp. Dit blyk veral uit 1 Kor. 15 waarin hy breedvoerig handel oor die opstanding uit die dode. Daar toon hy watter uitwerking die loëning van die opstanding op 'n mens se lewe het, maar ook wat die ware geloof aan die opstanding vir 'n mens se gewone lewe het.

### *1. DIE LOËNING VAN DIE OPSTANDING*

Watter invloed die loëning van die opstanding op 'n mens se lewe het, toon Paulus as hy sê: "As die dode nie opgewek word nie, laat ons dan eet en drink, want môre sterf ons" (1 Kor. 15:32).

Nou kan ons nie anders nie as om te sê dat dit inderdaad die enigste slotsom is waartoe 'n mens kan kom as daar geen opstanding uit die dode is nie. As ons net vir hierdie aardse lewe leef en daarna alles verby is, dan spreek dit tog vanself dat 'n mens soveel geluk en genot as wat maar enigsins moontlik is uit die aardse lewe moet put. Dan moet alles toegespits wees op 'n lewe van eet en drink en vrolik wees, want môre is ek dalk dood en dan is alles verby. Dan kan ek niks meer geniet nie. Daarom sou ek in dié geval alleen dwaas wees as ek nie soveel as moontlik vleeslike en sinnelike genietinge opsoek en uitbuit nie.

Trouens, wat baat my geloof in Christus my nog as die dode nie opgewek word nie? Waarom sal ek Hom dan nog dien en in sy weë wandel? Waarom sal ek nog aan 'n kerk behoort en die Woord van die Here lees en aanhoor en tot Hom bid? Dan is dit alles tog maar tevergeefs en nutteloos - 'n verspilling van kosbare tyd waarin ek die lewe kon geniet het.

Paulus toon die sinloosheid van die aardse lewe sonder geloof aan die opstanding as hy sê: "As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendig-ste van alle mense" (1 Kor. 15:19). En dit is glad nie oordrewe gestel nie. Immers, as daar geen opstanding is nie, maak ons, in vergelyking met ander mense, die lewe vir onsself net onnodig moeilik en onaangenaam deur onsself allerlei sondige genietinge te ontsê en ons boonop nog te kwel oor die sondes wat ons gedoen het.

Uit die voorgaande kan gekonkludeer word dat diegene wat gedurig net daarop uit is om soveel as moontlik vermaak en genot te soek, vir alle praktiese doeleindes die geloof aan die opstanding loën, hoewel hulle teoreties skynbaar nog daaraan vashou.

Eintlik is hierdie mense verskriklik swartgallig en pessimisties. Hulle sien die dood as die einde van alles. Hulle staar hulle blind teen die dood. Die swart gordyn van die dood is vir hulle die grens van alles wat goed is. Daarom leef hulle - bewus of onbewus - in angs en vrees vir die dood.

Om hierdie swaarmoedigheid en gevoel dat alles tog tevergeefs is vir hulleself en vir ander te bedek, lê hulle 'n dik laag uitbundige genot daaroorheen. Met al hulle eet en drink, brassery en drinkpartye probeer hulle om 'n sluier oor die dood te lê en die angs vir die dood te vergeet.[1]

## ***2. GELOWIGE AANVAARDING VAN DIE OPSTANDING***

Soos die ontkenning van die opstanding aan 'n mens se lewe 'n sekere kleur en karakter gee, so gee die ware geloof dit ook, hoewel dit natuurlik radikaal anders is.

Hoe die geloof aan die opstanding 'n mens se lewe moet beheers, toon die apostel in 1 Kor. 15:58 as hy sê: "Daarom, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie".

Omdat daar 'n opstanding uit die dode is, het ons lewe hier op aarde sin en betekenis en is dit nie tevergeefs nie.[2] Terwyl die apostel tevore gesê het dat sonder die geloof aan die opstanding alles tevergeefs is (1 Kor. 15:14), kom hy nou en sê dat met die geloof aan die opstanding alles nie tevergeefs is nie. Dit laat ons besef dat ons hele lewe met al ons doen en late 'n geweldige betekenis, 'n ewigheidsbetekenis het. Daarom vermaan hy die Korinthiërs (én ons) om standvastig, onbeweeglik en altyd oorvloedig te wees in die werk van die Here.

Hulle moet vas staan in die geloof in die ewige God en hulle nie deur ander tot struikeling in hulle geloof laat bring nie. Maar veral moet hulle oorvloedig, ja, ruimskoots besig wees in die diens van die Here. Waarom? Omdat daar 'n opstanding uit die dode tot die ewige lewe is, en God dit wat ons hier op aarde in sy diens doen, uit genade in die ewige lewe wil beloon. [3] Dáárom is my arbeid vir die Here hier nie tevergeefs nie. My arbeid in die Here, my stryd teen die sonde, my opoffering vir sy diens, die smaad en spot wat om sy ontwil my opgelê word - dit is nie tevergeefs nie. Dit het ewigheidsbetekenis. Dit gryp vooruit na die lewe in ewige duurte. Daar sal ek van God verneem: "Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel; gaan in in die vreugde van jou Heer".

Hieruit blyk dus dat die geloof aan die opstanding werklik bevrydend werk: dit bevry

---

[1] *Vgl. A.A. van Ruler: De dood word overwonnen, Nijkerk, s.j. bl. 97.*

[2] *Dit teenoor die Prediker wat met soveel nadruk sê dat alles tog tevergeefs is[3] want alles is vasgevang in die greep van 'n nimmereindigende kringloop (Pred. 1:2, 14, ens.). Sonder Christus se opstanding uit die dode sou alles tevergeefs gewees het. Deur sy opstanding uit die dode het Hy egter deur die skynbaar nimmereindigende kringloop deurgebreek en so die weg gebaan na die ewige nuwe. Dáárom is ons arbeid in die Here nie tevergeefs nie. Na hierdie verlossing deur Christus het die Prediker verlangend uitgesien.*

[3] *Matt. 6:12; Luk. 17:10; Openb. 14:33; vgl. ook Heid. Kat. vraag en antwoord 63.*

'n mens van die angs en vrees vir die dood. [4] Dit laat ons ons nie blind staar teen die dood nie, maar laat ons sien dat die dood om Christus ontwil slegs 'n deurgang is na die ewige lewe. So kry ons hele lewe met alles wat ons doen ook sin en betekenis. So word ons in droefheid en smart ook getroos met die wete dat dit eenmaal anders sal wees.

[4] *Vgl. A.A. van Ruler, a.w. bl. 92, 93.*

# HOOFSTUK II

## DIE SEKERHEID VAN DIE OPSTANDING

Die sekerheid dat daar inderdaad vir die mens 'n opstanding uit die dode is, verkry ons veral uit Christus se opstanding uit die dode en die betekenis daarvan.

### *1. CHRISTUS HET WAARLIK OPGESTAAN* [5]

Dit is heeltemal begryplik dat daar in die Skrif soveel nadruk gelê word op Christus se opstanding uit die dode. Trouens as Christus nie opgestaan het nie, dan is daar vir ons ook geen opstanding nie.

In hierdie verband is Christus se verskynings ná sy opstanding van die allergrootste belang.

> Die groot doel van al hierdie verskynings is om die mensdom te oortuig dat Christus waarlik opgestaan het uit die dode. [6]

Dáárom maak Paulus in 1 Kor. 15 ook so breedvoerig melding van die verskillende verskynings van Jesus na sy opstanding.

As Jesus nou ook maar net aan sy apostels verskyn het of hier en daar aan 'n enkele persoon, sou die duiwel ons makliker kon oorreed om te glo dat die opstanding van Jesus maar net 'n verdigsel was van 'n paar mense wat nou aan Hom verbonde was. Maar nou sê Paulus dat Jesus by 'n geleentheid verskyn het "aan oor die vyfhonderd broeders tegelyk, waarvan die meeste nou nog lewe, maar sommige al ontslaap het" (1 Kor. 15:6).

Christus het sonder twyfel doelbewus aan hierdie groot menigte verskyn sodat daar oor sy opstanding geen twyfel kan bestaan nie. En as Lukas aan Theófilus skrywe dat "... ek van voor af alles noukeurig ondersoek het, om dit in volgorde aan u te skrywe, sodat u met volle sekerheid kan weet die dinge waaromtrent u onderrig is" (Luk. 1:3, 4), dan geld dit ook van Christus se opstanding uit die dode, want ook daarvan getuig Lukas duidelik en onomwonde.

In hierdie noukeurige ondersoek sou Lukas seker nie net navraag gedoen het by Jesus se apostels nie, maar ook by "buitestaanders" en sekerlik ook by sommige of dalk baie van die "meer as vyfhonderd broeders" waarvan Paulus spreek. Hierdie wetenskaplike ondersoek en navorsing het hom tot die onomstootlike konklusie gebring: Jesus Christus het waarlik opgestaan uit die dode.

---

[5] *Hier word natuurlik uitgegaan van die belydenis dat die volle historiese waarheid in die evangelies aan ons meegedeel word - teenoor opvattings wat beweeg in die teenoorgestelde rigting.*

[6] *Vgl. R. Schippers: De opstanding van Jezus van Nazareth in net Nieuwe Testament, G.T.T., 68ste jaargang, Februari 1968, bl. 57.*

## *2. CHRISTUS SE OPSTANDING BETEKEN ONS OPSTANDING*

In sy betoog in 1 Kor. 15 toon Paulus aan dat Christus se opstanding noodwendig moet beteken dat ons wat aan Hom behoort ook sal opstaan uit die dode. [7]

Die dood is 'n geweldige mag wat alle mense bedreig. Nou het Christus wel deur sy goddelike mag drie persone, naamlik die seun van die weduwee van Naïn, die dogtertjie van Jaïrus en Lasarus, uit die greep van die dood teruggetrek maar dit was net tydelik. Later het hierdie mense tog weer gesterwe. Maar toe Christus die dood ingegaan het en weer daaruit opgestaan het, was dit die teken dat Hy die mag van die dood verbreek het. Christus het Hom betoon as magtiger as die dood. Daarom kan die dood sy prooi nie meer hou nie. Op bevel van Christus moet hy (die dood) hulle loslaat. [8]

Daarby moet onthou word dat Christus se opstanding nie slegs vir Hom persoonlik van betekenis is nie. As ons Redder en Saligmaker het Hy borgtogtelik vir ons die stryd teen die dood aangedurf, die dood oorwin en die weg gebaan na ons eie salige opstanding. Christus het as Hoof die dood oorwin, en wat vir Hom as Hoof geld, geld ook vir ons as lede wat aan Hom, die Hoof, verbonde is.

Van besondere belang in hierdie verband is dat Christus genoem word die eersteling van die wat ontslaap het (1 Kor. 15:20).

Die woord eersteling hier is ontleen aan die wette wat die Here deur Moses aan Israel gegee het. [9] Daarvolgens moes Israel die eerstelinge van die oes (die eerste gerwe van die nuwe oes, die eerste brode gebak uit die koring van die nuwe oes, ens.) as 'n offer aan die Here bring. Deur dié daad word te kenne gegee dat die hele oes, waarvan die eerstelinge wat geoffer word die verteenwoordiging is, aan die Here gewy word. Die eerstelinge staan dus nie los van die res van die

oes nie maar is verteenwoordigend van die hele oes. Wat van die eerstelinge geld, geld ook van die res van die oes.

So is dit nou ook met Christus in sy opstanding. [10]

As eersteling het Hy opgestaan uit die dode. Maar juis die woord eersteling toon aan dat Christus nooit los staan van die wat aan Hom behoort nie. Wat hier van Hom as eersteling geld, geld ook van almal van wie Hy die eersteling is, en dit is al die gelowiges. Sy opstanding as eersteling beteken dus dat al die gelowiges wat Hy as eersteling verteenwoordig, ook sal deel in die salige opstanding waarin Hy gedeel het. Daarom kan Paulus in 1 Thess. 4:14 verklaar: "Want as ons glo dat Jesus gesterwe en

---

[7] *Vgl. J.N. Sevenster: Leven en dood in de brieven van Paulus, Amsterdam, 1954, bl. 98 e.v. F.W. Grosheide: De eerste brief aan de kerk te Korinte (Commentaar op het N.T.), Kampen, 1957, bl, 382 e.v. F.J. Pop: De eerste brief van Paulus aan de Corinthiërs Nijkerk, bl. 360 e.v.*

[8] *Vgl. J.N. Sevenster Leven en dood in de Evangeliën, Amsterdam, 1952, bl. 119.*

[9] *Vgl. Ex. 23:19; 34:26; Lev. 2:12; 23:10, 17, 20; Num. 15:20, 21.*

[10] *Vgl. J.N. Sevenster: Leven en dood in de brieven van Paulus, bl. 99; F.J. Pop, a.w. bl. 366; F.W. Grosheide, a.w., bl. 399; H. Berkhof: Gegronde Verwachting, Nijkerk, 1967, bl. 35.*

opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring".

Ons geloofsverbondenheid aan Christus wat die dood oorwin het, is dus die waarborg dat ons ook gewis en seker sal opstaan uit die dode. [11]

## ***3. DIE NATUUR LEER DIE OPSTANDING UIT DIE DODE***

Die sekerheid dat daar 'n opstanding uit die dode is, kan volgens Paulus eintlik ook in die natuur opgemerk word. Hy verwys na iemand wat vra: "Hoe word die dode opgewek en met hoedanige liggaam kom hulle?". Dan antwoord hy: "Dwase mens! Wat jy saai, word nie lewendig as dit nie gesterf het nie. En wat jy saai -jy saai nie die liggaam wat sal word nie, maar 'n blote korrel, byvoorbeeld van koring of van iets anders. Maar God gee dit 'n liggaam soos Hy gewil het, en aan elkeen van die saadkorrels sy eie liggaam" (1 Kor. 15:35-38).

Die vraesteller het die hele saak van die opstanding bloot verstandelik benader en kon nie verstaan hoe 'n liggaam wat verteer of verbrand word of in die grond vergaan het weer tot lewe kan kom nie.

In sy antwoord toon Paulus dat dit wat vir die vraesteller onmoontlik lyk, elke dag in die natuur plaasvind. 'n Koringkorrel word byvoorbeeld gesaai. Dit word begrawe in die grond. As koringkorrel sterf dit en hou dit op om te bestaan. Maar daarmee loop alles nie ten einde nie. Juis as die koringkorrel in sy gedaante as korrel ophou om te bestaan, kan dit in 'n ander gedaante, naamlik as 'n lewende plant daaruit te voorskyn kom. Anders gestel: as die koringkorrel begrawe (gesaai) word, is dit nie die einde daarvan nie. Weldra staan die koringkorrel op uit sy graf (uit die dode) en tree te voorskyn in 'n nuwe en heerlike gedaante.

So leer ook die natuur ons dat daarin nou reeds 'n opstanding uit die dode is. En dit wat nou in die natuur gebeur, sal eenmaal ook met die mens gebeur by die wederkoms van Christus. [12]

---

[11] *Natuurlik sal die goddelose ook opstaan om die ewige oordeel tegemoet te gaan maar daaroor handel Paulus nie in 1 Kor. 15 nie. Vgl. F. W. Grosheide, a.w., bl. 399.*
[12] *Vgl. F.W. Grosheide, a.w., bl. 417; F.J. Pop a.w. bl. 385; Johannes Calvijn: Institutie, Boek III, vertaal deur A. Sizoo, Deel II, Delft, s.j. bl. 552.*

# HOOFSTUK III

## TUSSEN DOOD EN OPSTANDING

### *1. BY DIE DOOD*

Wat gebeur met die mens op die oomblik as hy of sy te sterwe kom?

Op daardie oomblik word die band verbreek wat liggaam en siel [13] tot 'n wonderlike eenheid [14] saambind, sodat liggaam en siel dan los van mekaar is. [15] So bly dit tot by die wederkoms van Christus wanneer die liggaam opgewek word uit die dode en liggaam en siel dan weer verenig word.

Daarin sien ons reeds 'n oordeel van God. [16] God het die mens immers geskape as 'n eenheid van liggaam en siel, maar as gevolg van die sonde word hierdie eenheid met die dood verbreek.

Sterwe beteken dus 'n breking, 'n ontbinding van wat eintlik nie verbreek en ontbind moes word nie.

Dat siel en liggaam by die dood van mekaar skei, sien ons ook by Christus. By sy sterwe het Hy sy gees of siel in die hande van sy Vader oorgegee (Luk. 23:46), terwyl sy ontsielde liggaam daarna deur Josef van Arimathea en andere in die graf neergelê is (Luk. 23:50-53).

By die dood van die gelowige word sy siel dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem. [17] Daar is dus geen vagevuur waar die siele eers van oorblywende sondes gelouter moet word, soos die Roomse Kerk beweer nie. Ook is die siele nie bleek skimme wat êrens tussen hemel en hel wag op die wederkoms van Christus nie. Nee, as ons siele afskeid neem van ons liggame, gaan hulle direk en onmiddellik na Christus in die hemel, na die Vaderhuis met sy baie wonings. Daarom kon Christus ook aan die misdadiger aan die kruis sê: "Voorwaar, Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees" (Luk. 23:43). Nie môre of met die wederkoms van Christus nie, maar nou, vandag, [18] sal jy saam met My [19] in die Paradys wees. Ook in die gelykenis van die ryk

---

[13] *Vir 'n verduideliking van wat hier onder "siel" verstaan word, kyk punt 2 van hierdie hoofstuk wat handel oor: Die voortbestaan van die mens na die dood.*

[14] *Vgl. J.E. Wiskerke: Léven tussen sterven en opstanding, Goes, 1963, bl. 220, 224.*

[15] *Vir hierdie tradisionele Christelike beskouing én nuwere sieninge oor die dood, vgl. H. Berkhof, a.w. bl. 73, 75, 76, 79. D.J. de Groot, in Christelijke Encyclopedie 11[2], Kampen, 1957,(sub voce dood), bl. 460; William Hendriksen: Visioenen der Voleinding, Kampen, 1952, bl. 60, 196; Th. Delleman: Alles nieuw, Franeker, 1968, bl. 49).*

[16] *Vgl. D.J. de Groot, a.w. bl. 4 60; J.E. Sevenster: Leven en Dood in de Evangeliën, bl. 95.*

[17] *Vgl. William Hendriksen, a.w., bl. 60.*

[18] *J. van Andel: Het Evangelie naar het beschrijving van Lukas [2], Kampen, 1932, bl. 486; J.R. Wiskerke, a.w., bl. 99, 101, 102; K Schilder: Christus in zijn lijden III[2],*

man en Lasarus sien ons dat die siel van die gelowige dadelik by die dood in die hemel opgeneem word om daar onuitspreeklike saligheid en vreugde te smaak (Luk. 16:19-23).

Hoe 'n salige troos is dit nie vir bedroefde agtergeblewenes na die dood van 'n dierbare om te weet dat die medegelowige wat gesterwe het terstond na die heerlikheid van die hemel opgeneem is om daar in salige gemeenskap met Christus te verkeer nie'. Terwyl hulle nog ween en graftes grawe en soek na swart klere en begrafnisondernemers, is die gelowige wat gesterf het lankal by Christus in die hemel.

So begryp ons hoedat daar stilheid in verskeurde harte by die graf van 'n dierbare kan wees.

Die wêreldmense kyk na onder. Hulle staar hulle blind teen die graf. Daar hou alles vir hulle op. Maar die gelowige se blik styg omhoog. Ons soek nie die lewende by die dode nie. Ons glo dat al ons dierbares wat in Christus ontslaap het dadelik by hulle dood tot Christus opgeneem is. Ons Kategismus spreek ook uitdruklik daarvan dat die siele van die gelowiges by hulle dood tot Christus opgeneem word (Heid. Kat. antw. 57).

Hierdie opnemingswerk word volgens God se Woord gedoen deur die engele. In die gelykenis van die ryk man en Lasarus lees ons trouens: "En toe die bedelaar sterf, is hy deur engele weggedra na die boesem van Abraham" (Luk. 16:22). Hierdie woorde het nie betrekking op sy liggaam nie, want sy liggaam is ongetwyfeld begrawe net soos dié van die ryk man. Dié woorde kan op niks anders as sy siel sien nie. Engele het dit na die boesem van Abraham gebring. [20]

Die oomblik as 'n geliefde gelowige sterwe en die bron van trane by ons geopen word, kan ons in die gees  sien hoe engele sy of haar siel wegneem en bring na die sale van ewige lig in die Vaderhuis by Christus.

Daarom kan elke ware gelowige saam met Kohlbrugge sê: Wanneer ek sterf - ek sterf nie meer nie - en iemand vind my skedel, dan verkondig die skedel nog aan hom: Ek het geen oë nie, nogtans sien ek Hom, Jesus. Ek het geen harsings nie, nogtans ken ek Hom. Ek het geen lippe nie, nogtans verkondig ek sy lof. Ek is 'n harde skedel, nogtans lééf ek deur sy liefde. Ek lê hier buite op 'n kerkhof, nogtans lééf ek in die heerlikheid van die Paradys, en eenmaal sal my vlees met Hom lewe. [21]

Natuurlik verlaat die siele van die ongelowige of goddelose mense hulle liggame ook by die dood. Maar net soos in die geval van die ryk man (Luk. 16:23), gaan hulle siele na die plek waar hulle smarte verduur en daar bly hulle tot liggaam en siel ook in hulle geval by die wederkoms van Christus verenig word om dan na liggaam en siel die ewige smarte van die hel in te gaan.

---

*Kampen, 1952, bl. 279.*

[19] J.N. Sevenster*: Leven en Dood in de Evangeliën, Amsterdam, 1952, bl. 130, 131.*

[20] S. Greijdanus*: Korte Verklaring der Heilige Schrift: Het Evangelie naar Lucas* $^2$*, Kampen, 1955, bl. 84, 85.*

[21] *Aangehaal deur* J. Verkuyl*: Het raadsel van de dood, Kampen, 1948, bl. 39, 40.*

## *2. DIE VOORTBESTAAN VAN DIE MENS NA DIE DOOD*

Die voortbestaan van die mens na die dood is in die jongste tyd deur verskeie persone sterk ontken, veral as daar in die verband gespreek word van die siel van die mens na die dood. So is onder andere verklaar dat die siele van die gelowiges wat gesterf het nie direk by hulle dood in die hemel opgeneem word nie, maar dat hulle saam met die liggaam in die doodstaat verkeer tot op die dag van die opstanding uit die dode by die wederkoms van Christus. [22]

Veral is daar beswaar gemaak teen die uitdrukking "onsterflikheid van die siel", omdat gereken word dat dit 'n uitdrukking is wat uit die heidendom afkomstig is. Tog is dit opmerklik dat Calvyn in sy Institusie hierdie uitdrukking enersyds skynbaar met die grootste gemak gebruik en andersyds tog ontken dat hy daarin deur die heidense wysgere beïnvloed is. [23]

Hierdie beswaar teen die uitdrukking "onsterflikheid van die siel" kan deur ons onderskryf word as daar by die spreek oor die lewe na die dood uitgegaan word van die heidense gedagte dat die siel 'n onvernietigbare goddelike vonk is wat bestaan het reeds voor die liggaam daar was en by geboorte in die liggaam ingeplaas word en daarin gevange gehou word tot dit met die dood weer daaruit ontsnap. Die beswaar kan ook begryp word in die lig daarvan dat die Skrif ons leer dat God alleen onsterflikheid besit (1 Tim. 6:16). Daarby moet onthou word dat die woord "siel" in die Skrif verskillende en soms byna uiteenlopende betekenisse het.

Daarteenoor kan dit egter nie ontken word nie dat die Skrif wel leer dat daar 'n bewuste verdere lewe van die mens na die dood is. Die Skrif stel dit duidelik dat dit God is wat die mens [24] op een of ander wyse of in een of ander vorm láát voortlewe na sy dood sodat Paulus kan sê dat ook die dood ons onder geen omstandighede kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus onse Here is nie (Rom. 8:35, 38, 39). In die Skrif word die bepaalde vorm of wyse waarin die mens na die dood voortbestaan verskeie kere "siel" genoem (Matt. 10:28; Openb. 6:9 en 20:4). [25]

Ter verduideliking kan ons dit so stel dat daar "iets" van die mens is waarin die ganse

---

[22] *Ontkenning van die voortbestaan van die mens tussen dood en opstanding word o.a. gevind by B. Telder: Sterven ... en dan? Kampen, 1960, en van dieselfde skrywer; Rondom het boek "Sterven ... en dan?", Barendrecht, 1963. Ook: C. Vonk: De doden weten niets, Franeker, s.j. (1969); K. Hanhart: The intermediate state in the New Testament, Groningen, 1966. Vir grondige kritiek op die standpunt van B. Telder, vgl. J.R. Wiskerke, a.w. en L.F. Schulze: Die probleem van die tussentoestand met besondere verwysing na Telder, ongepubliseerde Th.M-skripsie. Vir kritiek op die gedagtes van C. Vonk, vgl. J. van Bruggen in: De Reformatie van 24/1/1970 31/1/1970, 7/2/1970. Vir kritiek op K. Hanhart, vgl. C. van der Waal in: De Reformatie, 25/5/1968.*

[23] *Johannes Calvijn, a.w., Deel I, bl. 173, 175, 182, 183. Vgl. ook J.A. Heyns: Die onsterflikheid van die siel, Kaapstad/Pretoria, 1959.*

[24] *Vgl. G.C. Berkouwer: De mens het beeld Gods, Kampen, 1957, bl. 221, 230, 258, 267, 280, 294, 295, 297, 298, 309.*

[25] *Vgl. Th. Delleman, a.w., bl. 100. Hy beweer dat met sowel siel as vlees in die Skrif soms gedui word op die hele mens.*

mens na sy diepste weee (sy volle "ek" begrepe is, [26] wat God na sy dood m onsterflikheid laat voortbestaan, en hierdie "iets" word "siel" genoem in onderskeiding met die liggaam wat begrawe word (Heid. Kat. antw. 57). Hierdie onderskeiding word in die Bybel self aangetref, veral waar daar sprake is van die dood van 'n persoon (Gen. 35:18; I Kon. 17:21; Matt. 10:28). [27]

In Matt. 10:28 lees ons: "En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, tnaar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe m die hel".

Oor hierdie woorde van Christus verklaar prof. Herman Ridderbos dat siel hier teenoor liggaam staan as dit (die "iets") wat na die dood van die mens as lewende beginsel bly voortbestaan. Dit is onaantasbaar vir die aanvalle van mense. Dit beteken nie dat Christus die liggaam as minderwaardig beskou nie; inteendeel, 'n mens sou eerder kon sê dat Hy wys op die ewige lot van beide siel en liggaam. Hy waarsku slegs dat die dissipels nie nét bekommerd moet wees oor die behoud van die aardse liggaam nie: hulle moet veel meer dink aan die lot van die siel, aangesien die lot van die liggaam ook van die ewige bestemming van die siel afhanklik is. [28]

Ds. J.R. Wiskerke gee 'n breedvoerige uiteensetting van hierdie teks en enkele grepe van sy uiteensetting gee ons hier weer.

Met "siel" kan hier nie 'n blote lewensgemeenskap met Christus bedoel wees nie, want daar word juis gesê dat ook die siel verderwe kan word in die hel. Daarom sal "siel" 'n betekenis moet hê wat op sigself niks sê oor redding óf ondergang, geloof óf ongeloof, lewe in Christus óf sterwe buite Christus nie. Derhalwe bly daar niks anders oor nie as om dit so te sien dat die "siel" iets aandui wat die mens is of het as mens, as skepsel van God en wat hy met alle ander mense, gelowiges sowel as ongelowiges gemeen het. Daarop wys die teëstelling in die eerste deel van die teks en die newestelling met "liggaam" in die tweede deel.

Die "siel" word in die tweede deel van die eerste helfte van Matt. 28:10 uitdruklik genoem as "iets" wat deur die katastrofe van die proses van doodmaak heenkom, omdat daar sprake is van hulle wat "die siel nie kan doodmaak nie". As dit dan duidelik is dat "siel" op die menslike lewe sien wat deur die dood heen en na die dood bly voortbestaan, moet daar ook gelet word op die feit dat hierdie menslike lewe nie eers ontstaan op die oomblik as die mens sterwe nie, maar reeds teenwoordig was toe die moordenaars hulle doodgemaak het. Dit blyk immers uit die feit dat gesê word dat hulle die siel nie kan doodmaak nie. "Siel" moet hier dus dieselfde plek inneem in die lewe van die mens as "gees" in sy breë betekenis, wat by die dood uit die gesigsveld van aardse waarneembaarheid verdwyn, maar dan ook as lewe van die mens wat in sy voortbestaan deur God bewaar word.

---

[26] *Vgl. H. Berkhof, a.w., bl. 38, 39, 77.*

[27] *Vgl. W.J. de Klerk: Rousmart - Die pastorale sorg oor bedroefdes na die oorlye van 'n dierbare, Johannesburg, 1968, bl. 79, 80; G. van der Leeuw: Onsterflikheid of opstanding Assen 1936, bl. 35.*

[28] *Herman Ridderbos: Het Evangelie naar Matthéüs, (K.V. der H.S.) , Kampen, 1952, bl. 208. Vgl. ook F.W. Grosheide: Het heilig Evangelie volgens Matthéüs Kampen, 1954, bl. 168.*

Wanneer die Heiland aan ons voorhou dat die siel nie gedood kan word nie en dus nie sal sterf nie maar sal voortbestaan, doen hy daarin niks af van die realiteit van die sterwe hier op aarde nie. In die sterwenslyde is die "siel" nie "koeëlvry" nie. Allermins. Ons kan sê: die siel sterf weg; dan let ons veral op wat voor oë is. Terselfdertyd kan ons egter ook sê: al wegsterwende sterf die siel tog nie. Die siel is begrepe in die sterwe, maar tog bly dit gespaar in hierdie katastrofe waarvan dit nie los staan nie. En op grond van die Woord van God kan ons daaraan toevoeg: die wegsterwe én tog nie sterwe nie, die heengaan én tog nie vernietig word nie, die ophou om hier benede voor ons oë te bestaan én die feit dat dit desondanks voortbestaan buite ons aardse ervaring, die een sowel as die ander , is nie met mekaar in stryd nie, omdat die Woord van God beide leer.

As die lewe van die mens tussen sy dood en die opstanding uit die dode in Matt. 10 aangedui word met die woord "siel" dan verbaas dit ons nie dat die mense wat op hierdie wyse voortbestaan in die Skrif soms "siele" genoem word nie. Ons vind dit onder andere in Openb. 6:9 en 20:4 (Vgl . ook Openb. 13:14). [29]

Uit hierdie verklarings van Matt. 10:28 [30] kan ons in die lig van genoemde tekste uit Openbaring, nie anders nie as om tot die gevolgtrekking te kom dat ons wel met vrymoedigheid kan praat van die siel van die mens in onderskeiding van sy liggaam en ook van die voortbestaan van die siel van die mens na die dood. Daarom kan daar ook geen fout te vind wees met ons Kategismus nie as dit sê dat die siel van die gelowige ná hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem word (Heid. Kat. antw. 57).

Hierdie siening word egter deur sommige beskou as in stryd met I Tim. 6:16 waarin verklaar word dat God alleen onsterflikheid besit. Augustinus het hierdie skynbare teenstrydigheid probeer oplos deur te verklaar dat die siel op sy eie manier onsterflikheid besit. [31]

Tog hoef hier nie van 'n teenstrydigheid sprake te wees nie. [32] In 1 Tim. 6:16 word verklaar dat God alleen onsterflikheid besit. Omdat Hy ewig en onveranklik in sy wese is, is Hy inderdaad die enigste wat "van nature" onsterflikheid besit. Maar al is Hy die enigste wat dit op grond van en uit die krag van sy wese besit, beteken dit nog nie dat Hy dit nie kan gee aan wie Hy wil nie. Die engele het dit van Hom ontvang en die mens sou dit ook op een of ander wyse van Hom ontvang het as hy nie gesondig het nie (Gen. 2:16,17).

In die lig van Matt. 10:28 en bogenoemde verklaring van hierdie woorde van Christus, kan ons dus tot geen ander konklusie kom nie as dat God aan die siel van die mens, wat in homself nie onsterflik is nie, tog onsterflikheid gee en met dié onsterflike siel gaan hy na sy dood óf die ewige vreugde óf die ewige smart tegemoet.

---

[29] *J.R. Wiskerke, a.w., bl. 213-227.*
[30] *Verklarings deur Herman Ridderbos, F.W. Grosheide en J.R. Wiskerke.*
[31] *J.R. Wiskerke, a.w., bl. 226.*
[32] *Vgl. J.H. Semmelink: Onsterfelijkheid en opstanding, in: Exegetica, reeks III, deel V, Den Haag, 1962, bl. 64, 65.*

Die Skrif leer ons ook dat Christus in hierdie wêreld gekom het om aan die wat aan Hom behoort die ewige lewe te gee. Christus self sê: "My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My, en Ek gee hulle die ewige lewe" (Joh. 10:27, 28).

Elders verklaar Hy: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo het die ewige lewe" (Joh. 6:47).

***NUWE SIENING?***

Dit is sekerlik nodig om hier die aandag daarop te vestig dat daar vandag ook teoloë is wat wel glo dat daar vir die mens 'n voortbestaan is na die dood, dus 'n verdere lewe direk van sy sterwensoomblik af, maar wat dan weer so ver gaan om te sê dat ook die liggaam in een of ander vorm of op een of ander wyse deel het aan hierdie lewe in die tussentoestand tussen die mens se dood en die wederkoms van die Here.

Hierdie siening word onder andere gehuldig deur Th. Delleman van Nederland. [33]

Hy verklaar dat die liggaam reeds sodanig deel het aan die lewe in die tussentoestand dat daar gespreek kan word van 'n liggaamlike verrysenis (opstanding) direk na die dood. Die verskyning voor die regterstoel van Christus om deur Hom geoordeel te word (2 Kor. 5:10), vind dan volgens Delleman plaas op die oomblik as die mens sterwe.

As hierdie opvatting van Delleman reg vertolk word, kan ons nie anders nie as om te sê dat dit 'n ander standpunt is as wat ons vind in ons belydenis. In ons Gereformeerde belydenis word ons geleer dat die opwekking van die liggame eers by die wederkoms van Christus sal plaasvind. Dan word ons liggame weer met ons siele verenig en gelykvormig gemaak aan die heerlike liggaam van Christus (Heid. Kat. antw. 57; Nederlandse Geloofsbelydenis art. XXXVII).

Hierdie Gereformeerde belydenisstandpunt is gegrond op Skrifgedeeltes soos onder andere Matt. 10:28; Luk. 16:19-31; Luk. 23:43; 1 Kor. 15; 1 Thess. 4:13-18; Fil. 3:21 en 1 Joh. 3:2. 'n Eerlike ondersoek van hierdie en ander Skrifgedeeltes toon duidelik aan dat daar in die Skrif geen gronde of regverdiging vir die siening van Delleman gevind kan word nie. [34]

## *3. DIE BEWUSTE LEWE NA DIE DOOD*

As die gelowiges by hulle dood tot Christus in die Vaderhuis opgeneem word, verkeer hulle in 'n bewuste toestand by Christus. Dit blyk reeds duidelik uit die voorgaande. Tog is dit nodig om dit weer sterk te beklemtoon juis omdat daar ook in ons tyd mense is wat dit beslis ontken. [35]

---

[33] *Th. Delleman: Al1es nieuw, Franeker, 1968. Delleman sê dat hy tot hierdie visie geïnspireer is deur die Nuwe Kategismus van die Roomse Kerk wat in Nederland verskyn het (a.w. bl. 112). Vgl. De Nieuwe Katechismus - Geloofsverkondiging voor volwassenen van Nederland, Antwerpen - 's - Hertogenbosch- Roermond/Maaseik, 1966, bl. 554, 555.*

[34] *Vgl. J.R. Wiskerke, a.w., bl. 52, 53, 54.*

[35] *Vir hierdie ontkenning, vgl. C. Vonk: De doden weten niets, Franeker, s.j. (2969). Vir kritiek op die uitlating van Vonk, vgl. J. van Bruggen in: De Reformatie van 24/1/1970,*

Teenoor dergelike ontkennings verklaar ons op grond van die Skrif dat die gelowiges na hulle dood nie in 'n toestand van bewusteloosheid of diepe slaap verkeer waaruit hulle eers met die wederkoms van Christus ontwaak nie. Nee, hulle is bewus van alles om hulle en ervaar bewustelik die heerlikheid wat God vir hulle beskik het.

Dat hulle bewustelik dié heerlikheid by Christus ervaar, blyk uit verskillende Skrifgegewens. So verklaar Paulus in Fil. 1:21, 23: "Want vir my is die lewe Christus, en die sterwe wins .... Ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste".

Dit spreek tog van 'n bewustelike verkeer met Christus na die dood. [36] Die sterwe kan vir die gelowige tog geen wins wees as hy in 'n toestand van bewusteloosheid of diepe slaap verkeer nie. Paulus sou tog nie kon sê dat dit verreweg die beste is om met Christus te wees as hy na sy dood nie eers bewus kan wees van die feit dat hy by Christus is nie.

Die hele gelykenis van die ryk man en Lasarus spreek van 'n bewuste bestaan van die mens na die dood waarin die ryk man bewustelik smarte ly en Lasarus bewustelik die heerlike geluksaligheid smaak (Luk. 16:19-32). Daarvan getuig Openb. 6:9 en 10 ook: "En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het . En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?".

Op grond van laasgenoemde Skrifuitspraak kom prof. W.J. Snyman onder andere tot die konklusie "dat die Skrif hier leer 'n welbewuste en aktiewe voortbestaan van die siele na die dood. Daar is herinnering en vooruitsig soos blyk uit die vraag: Hoe lank? Dit beteken ook dat tydsbesef aanwesig is. Daar is ook hoogste aktiwiteit. Hulle leef en regeer saam met Christus." [37]

Die bewuste voortbestaan van die mens na die dood blyk ook uit die woorde van Christus aan Martha: "Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en m My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie" (Joh. 11:25, 26).

Ons kan dus konkludeer dat die gelowiges in 'n bewuste toestand na die dood verkeer en dat daar selfs gesprekskontak - as 'n mens dit so aards mag uitdruk - tussen hulle en Christus is. [38]

## ***4. WEERSIEN NA DIE DOOD?***

Sal die gelowiges mekaar hiernamaals in die Vaderhuis ken en herken? Sal daar 'n

---

*31/1/1970, 7/2/1970.*

[36] *Vgl. Herman Ridderbos: Paulus-Ontwerp van zijn Theologie, Kampan, 1966, bl. 557, 566-568.*

[37] *W.J. Snyman: Lewe, dood en onsterflikheid in die Nuwe Testament, in: Koers, deel XXVIII, no. 10, April 1961, bl. 420.*

[38] *Herman Ridderbos: Paulus, bl. 566-568.*

weersien na die dood wees, nie slegs ná die liggaamlike opstanding uit die dode nie, maar reeds vóór die opstanding?

Op hierdie vrae moet ons op grond van Skrifgetuienis bevestigend antwoord. Daar is 'n herkenning van mekaar na die dood reeds voor die liggaamlike opstanding.

Hierdie weersien of herkenning van mekaar is dikwels bestry op grond van die feit dat - soos dan gesê word - die siel geen sintuie soos oë, ore, hande , ens. het wat vir die herkenning van mekaar tog nodig is nie. Wie egter so redeneer, redeneer oor hemelse sake geheel en al in aardse terme, en dit mag nie. Trouens, die engele het ook geen liggame nie en tog is daar onderlinge kontak en gemeenskap tussen hulle.

Ons moet egter nie steun op allerlei menslike redenasies nie maar alleen vashou aan wat die Skrif ons leer. Die Skrif toon ons dat daar wel 'n herkenning van mekaar na die dood is. Ook in hierdie verband kan ons verwys na die gelykenis van die ryk man en Lasarus. Abraham het Lasarus geken en Lasarus vir Abraham. [39] En as Christus sê: "Maak vir julle vriende deur die onregverdige Mammon, sodat wanneer julle die lewe verlaat, hulle jul in die ewige tente kan ontvang" (Luk. 16:9), dan veronderstel dit 'n herkenning van mekaar na die dood. Hierdie vreugdevolle ontvangs of verwelkoming in die ewige tente, in die Vaderhuis, impliseer tog dat die saliges in die Vaderhuis moet weet dat dit hulle weldoeners is wat die ewige rus binnegaan en hulle dan ook as sodanig ontvang. (Vgl. verder: Jes. 14:9, 10; Matt. 17:3).

Tog moet ons daarvoor waak om van hierdie herkenning of weersien na die dood nie aards te dink asof dit sou beteken dat die aardse bande wat ons hier aan mekaar gebind het ook daar van groot betekenis sal wees nie. Nee, ons vreugde in die Vaderhuis sal nie daarin bestaan om daar weer by man of vrou of vader of moeder of kind te wees nie, maar dáárin dat ons by Christus, ons Heiland en Saligmaker sal wees. Paulus sê trouens in Fil. 1 ook nie: Ek het 'n verlange om heen te gaan en met vader of moeder of hierdie of daardie persoon te wees nie, maar hy sê: "Ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste" (Fil. 1:23).

Saam met prof. K. Dijk kan ons sê: Waar dit in die hiernamaals gaan om die volkome diens van die Here Jesus Christus en om die gemeenskap met Hom, val ter wille van dié gemeenskap die verbintenis met familielede weg en sal ons mekaar in die Vaderhuis nie meer besit as man en vrou of as ouers en kinders of as broers en susters nie - hoe innig die band hier op aarde ook was en hoe sterk die liefde in ons harte bly leef het tot hulle wat heengegaan het. Ons sal hulle wel weer sien en ook herken, maar alleen as kinders van die hemelse Vader en as broeders en susters van die Heiland wat met sy opstanding ook ons glorieus verlos het van al die aardse en die stoflike tot 'n verheerlikte lewe. [40]

---

[39] *Vgl. S. Greijdanus, a.w. bl. 85.*

[40] *K. Dijk: Over de laaste dingen I: Tussen sterven en opstanding, Kampen, 1955, bl. 140. Vgl. ook Helmut Thielicke: Ik Geloof, Wageningen, s.j. (1965), bl. 175, 176.*

## ***5. DIE RUS IN DIE VADERHUIS***

'n Verdere vraag wat beantwoord moet word , is: Waarin bestaan die saligheid van die gelowiges in die tydperk tussen hulle dood en die opstanding uit die dode?

Veel kan ons in hierdie verband nie sê nie omdat die Skrif nie veel daaroor sê nie. Op grond van die Skrif kan ons egter wel sê dat hierdie saligheid veral sal bestaan in rus.

So lees ons in Openb. 14:13: "Salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid". En in Hebr. 4 lees ons: "Daar bly dus 'n Sabbatsrus oor vir die volk van God; want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne".

Die rus wat die gelowige by sy of haar dood verkry, is in rus in verskeie opsigte. [41]

Dit is eerstens 'n rus van die sonde wat die aardse lewe van die kinders van God so verbitter het. My dood is ook die dood van my sondes. [42] In die Vaderhuis sal ek geen las meer van die sonde en sy gevolge hê nie.

Dit is verder 'n rus van die stryd wat hier op aarde gevoer moes word teen die duiwel, die wêreld en ons eie vlees.

Dit is 'n rus van die aanvegtings van Satan waardeur hy ons hier gekwel het.

Dit is 'n rus van die worsteling vir die eer van die Here op alle terreine van die lewe.

Dit is eindelik 'n rus van die taak wat ons hier op aarde moes vervul vir die verkryging van ons daaglikse brood.

Tog moet ons die rus in die Vaderhuis nie interpreteer as 'n lewe in volkome passiwiteit en niks doen nie.[43] Verskeie Skrifgegewens dui daarop dat die gelowiges dan aktief besig sal wees. In Luk. 16:9 word gesê dat die gestorwe gelowiges wat in die hemele is, diegene wat aan hulle tydens hulle aardse lewe weldade bewys het by hulle dood in ewige tente sal ontvang. Dit dui op 'n aktiewe daad. In Openb. 6:9 en 10 word gesê dat die siele van die wat ter wille van die Woord van God en die getuienis aangaande Hom gedood is met Hom gespreek het. Volgens die gelykenis in Luk. 16 het Abraham ook met die ryk man wat smarte gely het, gespreek. En in Openb. 20:4 lees ons dat die siele van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die Woord van God as konings saam met Christus geregeer het. Ook dit dui op 'n aktiewe

---

[41] *Vgl. Th. Delleman: a.w., bl. 90: Oor Openb. 14:13 sê hy: "Het leven van velen is vol moeite en verdriet. Ons werken is geworden tot arbeiden. En hieraan kleven bloed en tranen. In de Heer sterven betekent reeds nu - van nu aan! - rust, uitrusten, maar ook rusten van (niet meer te maken hebben met) moeiten, bloed en tranen, en rusten in, zich geven aan de hemelse eredienst, zich verheugen in de hemelse saligheid."*

[42] *Vgl. Heid. Kategismus antw. 42.*

[43] *Vgl. Th. Delleman, a.w., bl. 90, 99: "Het hemelse rust is geen permanent slapen in de zin van niets-doen, uitrusten .... Hemelse rust heeft evenals hemellied ook zijn feestelijke klank. Het duidt de blijde sfeer en stemming aan, waarin, van zorg ontslagen, geleefd en gewerkt word in nieuwe creativiteit."*

besig wees.

Hulle sal dus besig wees en alles wat hulle doen sal op een of ander wyse 'n diens aan God wees waardeur Hy geloof en geëer sal word.

Dit is baie duidelik uit die Skrif dat op die nuwe aarde, ná die wederkoms van Christus en nadat liggaam en siel verenig is, die mense God dag en nag sal dien (Openb. 7:15) en singend en juigend sy grootheid, goedheid en lof sal verkondig (Openb. 15:2-4). Nou kan seker met vrymoedigheid aangeneem word dat iets dergeliks - al is dit in mindere mate - ook by die gelowiges in die Vaderhuis voor die wederkoms van Christus gevind word. Al hulle dade in die periode kan daarom saamgevat word onder die uitdrukking: diens aan God (Openb. 7:15).

Die saligheid van die gelowiges hiernamaals kan dus aangedui word as rus enersyds en diens aan God andersyds. Hierdie twee is nie met mekaar in stryd nie, want selfs hier op aarde beteken rus nie noodwendig niks doen nie maar veelal iets anders doen.

Die lewe in die Vaderhuis sal dus wel 'n rus wees, maar dan spesifiek 'n rus van al die sondige en moeitevolle van die aardse lewe. Terselfdertyd sal die lewe hiernamaals bestaan in 'n sielsverkwikkende diens aan God. Net soos rus en arbeid by God self tot 'n wonderlike eenheid saamgesnoer is (Gen. 2:3; Joh. 5:17), so sal dit ook met die gelowiges na hulle dood wees.

## *6. GEEN BEKERING NA DIE DOOD*

Uit die Skrif is dit duidelik dat daar na 'n mens se dood nie nog geleentheid of moontlikheid vir bekering is nie. Met jou dood val ook die finale beslissing of jy die ewige saligheid of die ewige smarte sal ingaan. Daar is geen sprake van dat die siel hom "kan bekeer" na die dood en dat so 'n bekering ook die liggaam ten goede kan kom nie, want in 2 Kor. 5:10 lees ons: "Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad". Dit beteken dat die mens se ewige bestemming in die oordeel bepaal word deur dit wat hy gedoen het voor sy dood toe liggaam en siel nog verenig was. Ook die gelykenis van die ryk man en Lasarus leer dat jy by jou dood direk na die plek van ewige vreugde of ewige smart gaan.

Twee Skrifgedeeltes vra hier ons besondere aandag omdat dit dikwels verkeerdelik aangehaal word as bewyse dat daar nog bekering na die dood is.

Die eerste is 1 Petr. 3:18-20.

Hier word verklaar dat Christus "lewend gemaak is deur die Gees in Wie Hy ook heengegaan en gepreek het vir die geeste in die gevangenis wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God eenmaal gewag het in die dae van Noag, onderwyl die ark gereedgemaak is."

Hier word nie gesê, soos sommige wil voorgee, dat Christus na sy dood gaan preek het vir die geeste of siele van die mense wat in die tyd van Noag gesondig het nie.

Bowendien, al sou Hy vir hulle gepreek het, waarom net vir hulle en nie ook vir die ander nie.

Wat in hierdie Skrifgedeelte bedoel word, is dat Christus destyds, tydens die bou van die ark, deur sy Gees by monde van Noag vir hierdie mense gepreek het maar hulle het hulle nie bekeer nie?
Die tweede Skrifgedeelte is 1 Petr . 4:6.

In hierdie teks word gesê: "Want daarom is ook aan die dode die evangelie verkondig ...." Hier word nie bedoel dat vir die mense wat dood is ná hulle dood nog die evangelie verkondig word nie, maar dat aan daardie bepaalde mense van wie Petrus praat wat nou dood is, vóór hulle dood die evangelie verkondig is.

Ons verwerp derhalwe enige gedagte van 'n bekering na die dood.

In aansluiting hiermee verwerp ons ook die leer van die Roomse Kerk oor die vagevuur (wat letterlik beteken: 'n vuur wat skoonmaak of skoonvee). Volgens hierdie opvatting word die siele by die dood eers in die vagevuur gehou waar hulle dan die straf vir oorgeblewe sondes uitdien en gereinig word van sondesmette wat hulle nog aankleef. Eers daarna gaan die siele na die hemel.

In die Bybel word ons egter niks van so 'n vagevuur geleer nie.

## ***7. KONTAK MET AFGESTORWENES? (SPIRITISME)***

Tussen die geeste van die afgestorwenes en die mense wat nog lewe , is daar geen kontak nie. Geen mens of medium kan die breuk wat deur die dood bewerk is, vernietig en kontak tussen lewendes en dooies bewerk nie. Uit die gelykenis van die ryk man en Lasarus blyk dat die ryk man op geen manier hoegenaamd in verbinding kon tree met sy familie wat nog gelewe het nie (Luk. 16).

Alle pogings om wel kontak met die geeste van die afgestorwenes te maak, word ook uitdruklik deur God verbied. So beveel God in Deut. 18:10-12: "Daar mag niemand by jou gevind word .... wat 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees wat waarsê, of die dooies raadpleeg nie. Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die Here 'n gruwel". En in Jes. 8:19 lees ons: "En as hulle vir julle sê: Raadpleeg die geeste van die afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel - moet 'n volk nie sy God raadpleeg nie; moet vir die lewendes die dooies gevra word?"

Teenoor hierdie Skriftuurlike opvatting staan daar natuurlik die siening van die Spiritisme wat beweer dat daar wel kontak tussen afgestorwenes en lewendes bestaan. Hierdie kontak word veral bewerk deur 'n sekere persoon wat dan as medium tussen die gees van die afgestorwene en die lewende optree. Op die wyse "praat" die dooies dan met die lewendes en openbaar aan hulle dinge wat hulle andersins nie sou geweet het nie. Nou het dit al gebeur dat sekere dinge wat die sogenaamde dooies deur die mediums aan die lewendes sê, inderdaad geblyk het die waarheid te wees. So het "Samuel" byvoorbeeld deur die towerheks van Endor aan Saul gesê dat hy die volgende dag sou sterwe en dit het inderdaad gebeur.

Hoe moet ons as gelowiges dit nou verklaar?

Afgesien van die feit dat baie van die handelinge en "boodskappe" wat van die dooies deur die mediums na die lewendes kom op handigheid, bedrog, suggestie en hipnose gegrond is, moet ons besef dat ons hier ongetwyfeld te doen het met die werk van die duiwel. Die sogenaamde kontak met die afgestorwenes is in werklikheid 'n kontak met die bose geeste; die engele, trawante en handlangers van die duiwel.

Nou leer die Skrif ons uitdruklik dat die duiwel die mense wat onder sy mag verkeer inderdaad in staat stel om wonderdade te verrig en ook voorspellings te maak wat werklik bewaarheid word (Deut. 13:1-3). Christus self sê ook dat daar aan die einde van die dae valse christusse en valse profete (mense wat geheel onder die mag van die duiwel is) sal kom wat groot tekens en wonders sal doen (Matt. 24:24). Op grond hiervan moet ons aanneem dat die duiwel en sy trawante (bose geeste - Ef. 6:12) onder toelating van God die mediums ook in staat stel om wonderdadige dinge te doen en dinge te openbaar of te voorspel - wat later werklik die waarheid blyk te wees - wat slegs op bonatuurlike wyse bekend gemaak kan word. (God laat hierdie dinge toe omdat Hy volgens Deut. 13:1-3 die mens op die wyse op die proef wil stel of hy ondanks dit alles nog in die geloof aan Hom sal bly vashou).

Die sogenaamde kontak van die Spiritiste met die geeste van afgestorwenes is dus in werklikheid nie 'n kontak met hulle nie, maar met die duiwel en sy bose geeste.

In die Spiritisme het ons met niks anders te doen nie as met die werk van die duiwel wat probeer om die mens los te maak en af te trek van God se openbaring in Christus Jesus en hom te mislei deur die wonders en waarsêery van die valse profesie.

In hierdie lig moet ons ook die geskiedenis van Saul by die towerheks van Endor sien (1 Sam. 28).

Ons moet onthou dat hierdie vrou geleef het in die tyd van Samuel en hom waarskynlik dikwels gesien het en daarom maklik 'n beskrywing van die "wese wat uit die aarde opkom" kon gee wat vir Saul heeltemal aanvaarbaar was dat dit werklik Samuel is. Maar dit was nie Samuel self wat verskyn het nie, maar 'n bose gees, 'n engel van die duiwel wat onder die toelating van God "as Samuel" aan die vrou geopenbaar het sowel die feit dat dit Saul is wat met haar praat, as die feit dat Saul die volgende dag sou sterwe.

Ons moet by die lees van die gedeelte goed oplet dat daar nêrens staan dat Saul werklik vir Samuel gesien het nie. [44] Verder moet ons aanneem dat alles wat "Samuel" vir Saul gesê het, hy - soos in alle gevalle by die Spiritiste - deur middel van die vrou (die medium) aan hom gesê het. [45]

---

[44] *Vgl. A. de Bondt: Dood en opstanding in het Oude Testament, Kampen, 1938, bl. 56₃ 57.*

[45] *Van hierdie gebeurtenis is daar verskeie en selfs uiteenlopende verklarings. Hierdie een wat gegee is, lyk egter na die mees aanvaarbare. Vgl. J.H. Kroeze: Koning Saul - Die gesalfde van die Here, bevrees vir die manskappe, Potchefstroom, 1962, bl. 105-114.*

Ook op grond van hierdie Skrifgedeelte kan ons nie sê dat daar kontak tussen die lewendes en die dooies is nie, omdat ons ook hier met die werk van die duiwel onder die toelating van God te doen het.

## ***8. VOORLOPIGE VREUGDE OF SMART***

Sowel die heerlikheid van die gelowige na die dood as die smarte van die ongelowige daarna is eintlik voorlopig, want dit word slegs ervaar sover dit hulle siele betref. Eers met die wederkoms van Christus en die opstanding van die vlees tree die volle heerlikheid of smarte in werking. Dan word liggaam en siel verenig en gaan die gelowiges na die nuwe aarde onder 'n nuwe hemel om nimmereindigende geluksaligheid te smaak, maar die ongelowiges gaan die ewige verderf in waar die rampsaligheid hulle deel sal word.

# HOOFSTUK IV

## HEDERKOMS EN OPSTANDING

### *1. WAT SAL GEBEUR?*

Wat sal gebeur op die dag van die wederkoms van die Here waarop die opstanding uit die dode ook sal plaasvind?

In antwoord op die vraag is daar deur sekere mense in die loop van die eeue allerlei ydele fantasieë en bespiegelinge opgedis waarvoor daar geen steun in die Skrif te vinde is nie. Trouens, dit is nogal opvallend dat die Skrif besonder sober is in sy uitsprake in hierdie verband en geen uitvoerige beskrywing gee van al die gebeurtenisse op die jongste dag nie, Tog word aan ons daarin enige aanduidings gegee wat sal gebeur en hoe die gebeurtenisse op mekaar sal volg.

Nou spreek dit vanself dat as die Skrif spreek oor die dinge wat veel grootser en heerliker is as wat 'n oog gesien, 'n oor gehoor en in die hart van die mens opgekom het, hy dit nie anders kan doen as in menslike woorde en begripsvorme nie, en daarmee sal die grootsheid en heerlikheid van die gebeurtenisse op die jongste dag nooit ten volle weergegee kan word nie. Dit moet ons steeds goed besef.

Op grond van wat ons op verskeie plekke in die Skrif lees, moet ons die gebeure op dié dag vir ons min of meer só voorstel:

Voorop staan die wederkoms van onse Here.

Christus sal kom op die wolke van die hemel, duidelik, sigbaar en kenbaar vir alle mense. Dit word uitdruklik aan ons gesê in Openb. 1: "Kyk, Hy kom net die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het".

Christus se koms is nie 'n geestelike, onsigbare wederkoms soos in sommige kringe beweer word nie, maar dit sal 'n liggaamlike wederkoms wees, want by sy hemelvaart het die engele aan die dissipels gesê dat Jesus eenmaal weer net so sal kom soos hulle Hom na die hemel sien wegvaar het (Hand. 1:11).

Hoe dit moontlik sal wees vir alle mense om Hom te sien by sy wederkoms, gaan ons verstand te bowe. Ons moet alleen gelowig aanvaar wat die Skrif sê en besef dat God dit wel so kan beskik dat alle mense Hom sal sien by sy koms.

Die wederkoms van die Here sal duidelik aangekondig word, want Paulus sê: "Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God" (1 Thess. 4:6).

Die teken by die koms van die Here is dus tweeledig: die roepende stem van 'n aartsengel en die geklank van die basuin van God.

Met die woord aartsengel word hier ongetwyfeld gedui op een van die allerhoogste engele van God. Sy stem sal weerklink oor die ganse aarde. Tesame met sy roepende stem sal die geklank van die basuin van God soos die sterk geluid van donder gehoor word.

In die Ou-Testamentiese tyd was dit reeds so dat magtige dade van die Here deur basuingeklank aangekondig is. So word God se verskyning op die berg Sinai gekenmerk deur 'n sterk basuingeskal (Ex. 19:16, 18; 20:18). Jerigo se mure het ook omgeval toe die basuin geblaas is (Jos. 6:5,20). So sal die koms van Christus ook deur 'n wêreldomvattende basuingeklank aangekondig word waardeur alle mense as't ware geforseer sal word om op te kyk na Hom wat kom op die wolke van die hemel.

Hierdie tekens sal natuurlik nie net 'n aankondiging van sy koms wees nie, maar daarin sal ook die geweldige, die indrukwekkende en die goddelike majesteit van sy koms tot openbaring kom.

Sodra die basuin oor die aarde klink, word die dode opgewek en die lewendes word verander. Paulus se dit duidelik: "Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word" (1 Kor. 15:51,52).

Die geklank van die basuin het dus veral betrekking op die gestorwenes. Dit dring deur tot in die grafte, tot in al die verborge hoeke van die aarde. Die gestorwenes word daardeur as't ware uit hulle doodslaap wakker geroep. Hoewel uiteindelik al die dooies sal opstaan, staan die wat in Christus gesterf het, die gelowiges dus, eerste op (1 Thess. 4:16). Die grafte gaan oop. Die see gee die dooies wat daarin was (Openb. 20:13). Nie 'n enkele een sal agterbly nie; almal sal herrys.

Die gelowiges staan op uit die grafte met dieselfde, maar tog geweldig verheerlikte liggame. Die gelowiges wat nog lewend op die aarde sal wees, word dan in 'n enkele oomblik verander sodat hulle brose en verganklike liggame ook onverganklike en verheerlikte liggame word (1 Kor. 15:51-53).

Hierna word al die gelowiges deur engele versamel. Christus sê self, as Hy praat van sy wederkoms, die volgende: "En Hy (Christus) sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan" (Matt. 24:31). Die ganse kerk van Christus, al die gelowiges wat geleef het deur al die eeue heen, word hier as 'n groot en indrukwekkende eenheid saamgebring. Ook hulle wat oor die wêreld verstrooi was en miskien as enkelinge te midde van 'n Christus-vyandige wêreld feitlik aan hulleself oorgelaat was, sal dan as verloste kinders van God geopenbaar word en deur die engele met en by al die uitverkorenes vergader word.

Nadat al die gelowiges so deur die engele byeengebring is, sal hulle, volgens Paulus, almal saam opgehef word en in wolke weggevoer word, die Here tegemoet in die lug (1 Thes. 4:17). Soos die mense in die ou tyd die bruidegom by sy koms tegemoet getrek het (Matt. 25:6), so sal die bruidskerk haar Bruidegom tegemoet gaan in die lug om nog groter luister en glorie aan Hom by sy koms te verleen. Hulle sal Hom begroet en omhul met hulle hosannas en jubelsange, want dan het die groot oomblik

aangebreek waarna die bruidskerk deur die eeue heen met smagtende verlange uitgesien het.

## ***2. DIE DOOD VAN DIE DOOD***

Nadat alles plaasgevind het soos hierbo aangedui, sal, volgens Paulus, die dood uiteindelik finaal en totaal oorwin wees. Dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: "Die dood is verslind in die oorwinning" (1 Kor. 14:54) .

Paulus praat elders van die dood as die laaste vyand wat vernietig sal word (1 Kor. 15:26). Hy noem dit so omdat die dood ook ná die verlossingsarbeid van Christus en ná sy opstanding uit die dode nog met sy verwoestingswerk voortgegaan het. Oppervlakkig geoordeel sal dit lyk asof Christus die dood nie werklik oorwin het nie. Maar by die wederkoms van Christus en die opstanding van die mense uit die dode, sal die volle krag en heerlikheid en betekenis van Christus se opstanding uit die dode ontplooi word. Dan sal die dood geheel en al verslind word in die oorwinning van Christus.

Ons moet daarop let dat Paulus die woord verslind gebruik. "Die dood is verslind in die oorwinning". Nou weet ons dat iets verdwyn as dit verslind word. Dit bestaan nie meer nie. Dit is weg. So sal dit met die dood gaan op die jongste dag: hy sal nie maar net ontwapen word nie maar vernietig word; hy word nie net gebind nie maar verslind. Met hierdie dinge in gedagte kom die apostel Paulus by voorbaat al tot die blye geloofsjubel: "Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?" (1 Kor. 15:55). In sy visioene op Patmos sien Johannes dit ook as een van die kenmerkende trekke van die nuwe hemel en die nuwe aarde dat daar geen dood meer sal wees nie (Openb. 21:4).

Nadat al die genoemde dinge plaasgevind het, breek die einde van alles aan, die einde wat tegelykertyd 'n nuwe begin sal wees: vir die gelowiges 'n nuwe begin van ewige vreugde; vir die ongelowiges en goddeloses 'n nuwe begin van ewige smarte.

## ***3. DIE OPSTANDINGSLIGGAAM***

Wat die aard en karakter van die opstandingsliggaam sal wees, word deur Paulus aan ons voorgehou in 1 Kor. 15:35-38 en 42-44 waar hy dit sê:

> "Maar iemand sal sê: Hoe word die dode opgewek, en met hoedanige liggaam kom hulle? Dwase mens! Wat jy saai, word nie lewendig as dit nie gesterf het nie. En wat jy saai - jy saai nie die liggaam wat sal word nie, maar 'n blote korrel , byvoorbeeld van koring of van iets anders, Maar God gee dit 'n liggaam soos Hy gewil het, en aan elkeen van die saadkorrels sy eie liggaam .... So is ook die opstanding van die dode: daar word gesaai in verganklikheid, daar word opgewek in onverganklikheid; daar word gesaai in oneer, daar word opgewek in heerlikheid, daar word gesaai in swakheid, daar word opgewek in krag. 'n Natuurlike liggaam word gesaai, 'n

geestelike liggaam word opgewek".

Hier toon Paulus duidelik aan enersyds dat ons hiernamaals dieselfde liggame sal hê as wat ons nou het, andersyds laat hy ook sien dat ons liggame tog geheel anders daar sal uitsien as tans. [46]

## 3.1. DIESELFDE LIGGAAM

Allereers lê Paulus die nadruk daarop dat ek met my opstanding dieselfde liggaam sal hê as wat ek nou het.

Hoewel die gelowige se liggaam dan verheerlik sal wees en 'n ander gedaante sal vertoon, sal dit tog dieselfde liggaam wees. Paulus verduidelik dit met die beeld van die saad en die plant wat daaruit voortkom. Die saad wat gesaai word, bepaal immers watter plant daaruit gaan voortkom. As ek 'n koringkorrel in die grond plant, kan ek tog nie verwag dat daar 'n vyeboom sal opkom nie. Nee, uit die koringkorrel kom 'n koringplant te voorskyn. Anders gestel: die koringkorrel wat gesaai is, tree as dit ontkiem self weer te voorskyn, maar dan net in 'n nuwe gedaante. So is dit ook as die mens opstaan uit die dode. Ekself sal opgewek word met híérdie liggaam wat ek nou het, hoewel dit 'n nuwe en veel heerliker gedaante sal hê . [47]

Dat die gelowige met die opstanding uit die dode dieselfde liggaam sal hê, terwyl dit tog anders daar sal uitsien as nou, kan ook verduidelik word met die beeld van die vlinder. Die vlinder is presies dieselfde wese wat vroeër 'n wurm en toe 'n papie was. Tog is die gedaante van die vlinder baie mooier en indrukwekkender as toe dit of 'n wurm óf 'n papie was. So is dit ook met die opstanding uit die dode: ons het dieselfde liggame as nou; tog is dit anders en baie heerliker as nou. [48]

Dit kom dus daarop neer dat daar by ons opstanding uit die dode, wat ons liggame betref, 'n gedaanteverwisseling plaasvind, maar nie 'n wesensverandering nie. Hierop lê Paulus sterk nadruk, veral as hy in verband met die korrels wat gesaai word, sê: "Maar God gee dit 'n liggaam soos Hy gewil het en aan elkeen van die saadkorrels sy eie liggaam".

In die koringkorrel is daar 'n lewenskiem. Oppervlakkig geoordeel , mag dit lyk asof daardie lewenskiem dood is, want ek kan so 'n korrel vir jare bewaar en hy sal presies so bly soos hy is. Maar die oomblik as ek die korrel plant, ontkiem die lewenskiem en uit die skynbaar dooie korrel kom 'n lewende plant te voorskyn. So is dit nou ook met die mens gesteld. Van elke menslike liggaam bewaar God 'n lewenskiem op een of ander wyse wat ons nie weet nie. Nou maak dit nie saak of so 'n mens deur diere verskeur is of verbrand is of in die see vergaan het of in die graf tot stof geword het nie. God bewaar van elkeen 'n lewenskiem, en met die opstanding uit die dode laat God uit daardie lewenskiem weer elkeen se eie liggaam uitgroei, maar dan net in veel

---

[46] *Vgl. K. Dijk: Over de laaste dingen III: De toekomst van Christus, Kampen, 1953, bl. 106.*
[47] *Vgl. K. Dijk: De toekomst van Christus, bl. 101, 102.*
[48] *Vgl. J.G. Feenstra: Leer en Leven, Kampen, 1956, bl. 306.*

heerliker gedaante. [49] Daarom kan elke gelowige ook saam met ons Kategismus sê "dat hierdie selfde vlees van my deur die krag van Christus opgewek sal word (Heid. Kat. antw. 57).

Hierdie saak is baie belangrik. Trouens, die feit dat ons met hierdie selfde liggame sal opstaan uit die dode, openbaar aan ons die grootsheid en heerlikheid van Christus se verlossingswerk. Want as ons by die opstanding heeltemal nuwe liggame sou kry en die ou liggame in die grafte gebly het, dan sou daarin eintlik geopenbaar word dat Christus die dood nie ten volle oorwin het nie. Dit sou dan beteken het dat Hy die ou liggame nie uit die dode kon opwek nie en daarom moes Hy toe maar ander skape. Maar nou het Christus die dood ten volle oorwin. Paulus stel dit duidelik: "Die dood is verslind in die oorwinning" (1 Kon. 15:54). Daarom sal elkeen dan dieselfde liggaam hê wat hy of sy hier op aarde gehad het, hoewel net in baie heerliker gedaante.

## 3.2. TOG VERSKIL

> Die ander saak waarop Paulus in die aangehaalde verse wys, is op die verskil tussen die liggame wat ons nou het en die wat ons hiernamaals sal hê.

Daar sal 'n geweldige verskil in heerlikheid wees. Ook dit blyk uit die beeld van die korrel en die plant wat daaruit voortkom. Daarom sê Paulus: "En wat jy saai - jy saai nie die liggaam wat sal word nie, maar 'n blote korrel, byvoorbeeld van koring of iets anders. Maar God gee dit 'n liggaam soos Hy gewil het en aan elkeen van die saadkorrels sy eie liggaam .... So is ook die opstanding van die dode".

Dit is asof die apostel met hierdie woorde aan ons sê: Neem 'n blote koringkorrel en plaas dit aan die een kant. Neem dan 'n volgroeide koringplant met die volle halm en aar en plaas dit aan die ander kant. Die laaste is tog baie heerliker as die blote korrel. Dié verskil wat daar nou tussen die twee is, is 'n beeld van die verskil in heerlikheid tussen die liggame wat die gelowiges hier op aarde het en die liggame wat hulle eenmaal sal hê by die opstanding uit die dode. [50]

As ons dit in hierdie lig beskou, skemer iets deur van die geweldige heerlikheid wat wag op die kinders van God. Dan besef ons ook dat Paulus waarlik reg is as hy sê dat dié heerlikheid groter is as wat 'n oog gesien, 'n oor gehoor en in die hart van 'n mens ooit opgekom het.

## 3.3. NATUURLIKE LIGGAAM EN GEESTELIKE LIGGAAM [51]

---

[49] *Vgl. K Dijk: De toekomst van Christus, bl. 103. Daar is in ons tyd teoloë wat hierdie standpunt van die "lewenskiem" nie wil onderskryf nie. Daar is volgens hulle wel identiteit tussen die liggame wat ons tans het en die wat ons hiernamaals sal hê. Die grond daarvoor is volgens hulle geleë "slegs in die wondermag van God en in niks anders nie" Vgl. Herman Ridderbos: Paulus, bl. 615; Th. Delleman, a.w. bl. 64.*

[50] *Vgl. Th. Delleman, a.w. bl. 60.*

[51] *Vgl. K. Dijk: De toekomst van Christus, bl. 103-107; Th. Delleman, a.w. bl. 63.*

Paulus wys egter op nog 'n verdere verskil tussen ons liggame soos dit nou is en soos dit hiernamaals sal wees as hy sê: ,,'n Natuurlike liggaam word gesaai, 'n geestelike liggaam word opgewek".

Wat ons nou hier op aarde het, is 'n natuurlike liggaam, maar hiernamaals sal ons 'n geestelike liggaam hê.

Met die uitdrukking "natuurlike liggaam" bedoel die apostel dat ons aardse liggame broos, verganklik, sterflik is, Ons aardse liggame is gebonde aan die stof en die stoflike; dit is afhanklik van die aardse middele; dit gaan gebuk onder baie laste; dit word gekwel deur siekte en pyn. So is die aardse, natuurlike 1iggame.

Deur die opstandingskrag van Christus word dit eenmaal egter geheel en al anders, want in die plek van die natuurlike liggame ontvang ons dan geestelike liggame.

As hier van geestelike liggame gespreek word, moet ons nie dink aan iets spookagtigs nie, maar aan liggame wat geheel en al beheers word deur die Gees van God. Waar ons aardse liggame gebonde is aan die stof en die lelike letsels van die sonde dra, daar sal ons geestelike liggame van hiernamaals geheel van alle sonde en sy gevolge verlos wees en ook nie meer so 'n gebondenheid aan die aardse toon nie. Dit sal verander word om die heerlike beeld van Christus te vertoon. Dit sal inpas in en aanpas by die nuwe Jerusalem met sy pêrelpoorte en strate van goud. Dit sal 'n goddelike glans vertoon en oral die lof van die Here verbrei sonder enige wanklank.

Alles in verband met die opstandingsliggame sal dan staan in die teken van 'n oneindige, onuitspreeklike heerlikheid - die vrug van Christus se versoeningswerk vir ons. Soos die koringkorrel in die halm en die *???* tot sy volle ontplooiing en heerlikheid kom, so sal ons aardse, natuurlike liggame in die geestelike liggame wat ons by die opstanding sal verkry, tot volle ontplooiing en heerlikheid kon. Dit is wat die apostel ook sterk beklemtoon as hy sê: "So is ook die opstanding van die dode: daar word gesaai in verganklikheid, daar word opgewek in onverganklikheid; daar word gesaai in oneer, daar word opgewek in heerlikheid^ daar word gesaai in swakheid, daar word opgewek in krag".

Verganklikheid, oneer en swakheid - dit is die beeld van die liggaam wat begrawe, of liewer gesaai word. Onverganklikheid, heerlikheid en krag - dit is die beeld van dieselfde liggaam as dit opgewek word uit die dode.

### 3.4. LIGGAAMSVORME

'n Belangrike vraag waarop hier ook geantwoord moet word, is dié aangaande die 1iggaamsvorme.

> Sal die wat hier as bejaardes gesterf het op die nuwe aarde ook bejaardes wees en die liggame van bejaardes hê? Sal die wat hier as kinders gesterf het, daar ook kinders wees en die liggame van kinders hê?

In antwoord op hierdie vrae gee ons hier die siening van prof. K. Dijk van Nederland.

Volgens hom vind ons die antwoord op genoemde vrae in Fil. 3:21 waar Paulus verklaar dat Christus ons vernederde liggame van gedaante sal verander om gelykvormig te word aan die verheerlikte liggaam van Christus.

Hierdie uitspraak beteken nie slegs dat ons liggame verheerlik sal word soos Christus se liggaam verheerlik is nie. Dit beteken veel meer.

Die woord "gelykvormig" verdien hier besondere aandag. Die woord beteken dat iets gelyk is aan iets anders of dat dit in gedaante ooreenkom met iets anders.

Paulus verklaar hier dus dat ons liggame in alles so verander sal word dat dit ook in gedaante sal ooreenkom met die verheerlikte liggaam van Christus. En dit beteken tog seker ook dat in die opstanding die onderskeid tussen oud en jonk sal wegval omdat almal die gedaante van die heerlike liggaam van Christus sal vertoon wat op drie-en-dertigjarige leeftyd opgevaar het na die hemel.

Prof. Dijk verklaar hieroor verder die volgende: Die Heiland het in die volle krag van sy jare, op drie-en-dertig-jarige leeftyd - na die mens en in ons tydsvorm gesproke - gesterwe, is begrawe en opgewek. Hy dra in heerlikheid die liggaam van 'n volwasse mens in die volle bloei van sy krag en skoonheid, en .... aan hierdie liggaam sal die liggame van die opgestane gelowiges gelykvormig wees .... Diegene wat in die ouderdom gesterf het, keer dan ook liggaamlik terug na die heerlikheid van die ewige jeug. Die klein kindertjies en jeugdiges groei dan deur die wonderlike herskeppingskrag van God uit tot die grootte en die sterkte van volwassenes .... Alles het dan hulle ewige hoogtepunt bereik .... Meer kan ons hiervan nie sê nie. Die Skrif bied ons geen gegewens om hierdie liggame verder te beskrywe nie. [52]

Of hierdie siening van prof. Dijk juis is of nie is moeilik om te sê. Aangesien die Skrifgegewens oor hierdie saak maar skraal is en ook nie altyd ewe duidelik nie, is dit wys om in hierdie verband maar redelik gereserveerd te wees. [53]

---

[52] *K. Dijk: De toekomst van Christus, bl. 110.*

[53] *Vgl. Herman Ridderbos: Vaulus, bl. 609. Van die woord "gelykvormig" in Fil. 3:21 sê hy die volgende "Daarbij zal men het woord "gelijkvormig" niet slechts als een gelijkheid in versohijning of gestalte moeten opvatten$_t$ maar in wijze van bestaan". S. Greijdanus is van oordeel dat die woord "gelykvormig" hier beteken "overeenkomend in gedaante en schittering .... zodat wij volkomen Zijn beeld vertonen, ook lichamelijk en naar uitwendige glorie, vgl. I Joh. 3:2" (S. Greijdanus: K.V. der H.S.: De brieven van de apostel Paulus aan de Efeziërs en de Filippenzen, Kampen, 1962, bl. 221). Die vraag mag ontstaan of genoemde siening van veral K. Dijk nie in botsing is met Openb. 20:12 nie. Daar verklaar Johannes: "En ek het die dode$_y$ klein en groot, voor God sien staan". Waarskynlik moet ons "klein en groot" hier nie verstaan as 'n aanduiding van liggaamsvorme nie maar van roem, eer$_s$ statuSj ens. S. Greijdanus sê hiervan: "Allen verschijnen eenmaal gelijkelijk in het gericht Gods; het groote is dan aan het kleine gelijk gemaak; van geene uitnemendheid des eenen boven de ander is dan meer sprake. De hoogheid des mensen zal gebogen worden, en de Heere alleen zal in dien dag verheven zijn. Eene gevolgtrekking aangaande de lichamelijke gesteldheid der voor dit oordeel opgewekten moeten wij uit dit "grooten en kleinen" dan ook niet maken" (S. Greijdanus: De openbaring des Heeren aan Johannes$_t$ Doesburg, 1908, bl. 512). J.C. de Moor verklaar in hierdie verband: "Klein of groot*

Op die vraag of die wat hier een of ander liggaamsgebrek gehad het iets daarvan hiernamaals ook sal vertoon, kan met vrymoedigheid geantwoord word dat die verheerlikte liggame op die nuwe aarde op geen wyse hoegenaamd enige 1iggaamsgebrek sal vertoon nie. Christus se verlossing sal ook in hierdie opsig volmaak wees, en alle letsels wat deur die sonde aangebring is, sal dan vir goed iets van die verlede wees. Ook van die liggame van die gesaligdes geld die woorde van die Here: "Kyk, Ek maak alles nuut" (Openb. 21:4 ,5).

### 3.5. MAN EN VROU

Dat alle liggaamlike en geestelike onderskeid tussen man en vrou hiernamaals sal wegval, word nie in die Skrif gesê nie. Dit is ook te betwyfel of die onderskeid geheel en al sal wegval, want die lewe hiernamaals sal tog ook weer in 'n mate die beeld vertoon van die lewe in die paradys voor die sondeval, en daar was daar wel duidelik onderskeid tussen man en vrou (Gen. 1 en 2). Wel is dit duidelik dat die onderskeid tussen die twee geslagte en hulle aangetrokkenheid tot mekaar soos ons dit tans in aardse sin ken, nie op die nuwe aarde gevind sal word nie, want Christus sê uitdruklik: "In die opstanding trou hulle nie en word ook nie in huwelik uitgegee nie, maar is soos engele van God in die hemel" (Matt. 22:30).

Hierdie woorde van Christus impliseer dat daar hiernamaals geen geslagtelike verkeer tussen man en vrou of selfs die behoefte daartoe sal wees nie. Dit sal ook nie nodig wees nie, want daar sal geen voortplanting meer wees nie omdat die menslike geslag dan kompleet en die getal van die verlostes voltallig sal wees.

Die lewe hiernamaals is nog liggaamlik nog geestelik op mense gerig, maar net op God alleen. Daarom val alle aardse verhoudinge dan weg.

### 3.6. GEEN HONGER EN DORS

Dat die verheerlikte liggame hiernamaals totaal anders sal funksioneer as hier op aarde word baie duidelik in die Skrif gesê. So word van die verlostes gesê dat hulle nooit meer honger en dors sal hë nie (Openb. 7:16) en dus ook nie behoefte aan eet en drink sal hê nie. Dit stem ook ooreen met die feit dat Paulus sê dat God die maag sowel as die voedsel tot niet sal maak (1 Kor. 6:13).

## ***4. VOLMAAKTE KENNIS***

Die salige vreugde wat die gelowiges hiernamaals sal smaak, sal onder andere ook daarin bestaan dat hulle 'n volmaakte kennis sal besit. Dit blyk veral duidelik uit 1 Kor. 13:9,10 en 12: "Want ons ken ten dele en ons profeteer ten dele. Maar as die volmaakte gekom het , dan sal wat ten dele is tot niet gaan .... Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele,

---

*maakt hier geen onderscheid, 't zij daarmede ouden en jongen, dan wel geringen en machtigen bedoeld zijn" (J.C. de Moor: De hemel geopend, Kampen, 1913, bl. 159).*

maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is".

In hierdie woorde word aan ons voorgehou hoedanig die verskil is tussen kennia wat ons nou het en die kennis wat ons hiernamaals sal hê.

Die verskil word eerstens aangedui met die aanskouing van 'n beeld in 'n spieël en die aanskouing van die werklikheid, naamlik van aangesig tot aangesig. Hier op aarde sien ons van alles in en om ons en ook van God se leiding en wêreldbestier slegs 'n beeld, soos in 'n spieël. In hierdie verband moet ons onthou dat die mense in die tyd van Paulus nie die pragtige versilwerde spieëls gehad het wat ons vandag het nie. Hulle spieëls was meesal niks anders nie as blinkgevryfde metaalplate sodat die beeld wat hulle daarin gesien het nie juis 'n besonder suiwere beeld was nie. Hiernamaals sal ons egter nie slegs die beelde van dinge aanskou nie maar die werklikheid. Ons kennis sal nie maar 'n vae, onduidelike kennis wees wat ons verkry deur die aanskouing van 'n beeld nie, maar dit sal 'n heldere, duidelike en deursigtige kennis wees soos wanneer 'n mens die werklikheid aanskou.

Tweedens word die verskil tussen ons kennis van nou en hiernamaals aangedui deurdat gesê word dat ons kennis nou slegs ten dele is, maar eenmaal sal ons ten volle ken. Ons aardse kennis van sake is slegs ten dele: ons ken dinge maar net in stukkies en brokkies; ons het nie 'n geheelbeeld van sake nie en kan ook nie altyd die verband tussen dinge en gebeurtenisse sien nie. Daarby kom nog dat ons dinge eintlik maar net aan die buitekant ken. Op die nuwe aarde sal ons egter nie meer ten dele ken nie maar ten volle, net soos ons ten volle deur God geken is. Dit beteken natuurlik nie dat ons kennis op die nuwe aarde met dié van God gelykgestel word nie. Wat hier bedoel word, is dat soos God ons nie maar net aan die buitekant ken nie, maar met sy kennis ook ons innerlike wese deurgrond, so sal ons ook hiernamaals die dinge, die wêreld, die hemel, God se werke deur die loop van die eeue heen, nie slegs aan die buitekant ken nie, maar ons sal dit ook innerlik ken en dit deurgrond soos dit werklik is, sodat ons kennis daarvan werklik 'n ten volle-kennis sal wees en nie meer 'n ten dele-kennis soos ons hier op aarde gehad het nie.

Hierdie volkome kennis sal uitgestrek word oor al God se werke sodat wat nou nog vir ons verborge is in die natuur en geskiedenis en in die verloop van sake in die eie lewe, dan oop en bloot voor ons sal lê en helder en duidelik verstaanbaar sal wees.

Hier op aarde is daar baie waaroms en hoekoms waarop ons nooit 'n antwoord vind nie. Die antwoorde sal ons daar op die nuwe aarde vind. Dan sal ons bemerk dat baie dinge wat ons hier op aarde as onaangenaam en bitter en smartlik beskou en ervaar het, deur God se leiding tog baie goed was, ja so goed dat ons Hom gedurig daarvoor sal prys en dank. Dan sal ons merk dat en hoe alle dinge werklik ten goede meegewerk het vir hulle wat God liefhet (Rom. 8:28).

Hierdie volmaakte kennis wat ons dan sal besit, beteken sekerlik nie dat ons God dan in sy wese sal deurgrond soos Hy ons deurgrond en ken nie. Ons sal wel 'n suiwere en volkome kennis van God, van sy wil en van sy dade hê, maar ook daar sal die grens tussen Skepper en skepsel duidelik gehandhaaf bly.

## ***5. BELONING***

Dat die kind van God hiernamaals beloning ontvang vir sy arbeid in die diens van die Here word baie duidelik in die Skrif geleer. So verklaar Christus: "Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil. Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele" (Matt. 5:11,12). Paulus sê ook: "Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad" (2 Kor. 5:10). Van Moses word ook gesê dat hy "die smaad van Christus groter geag het as die skatte van Egipte, want hy het uitgesien na die beloning" (Hebr. 11:26).

Daar wag dus 'n beloning vir die gelowiges, hoewel hierdie beloning nie uit verdienste is nie maar uit genade (Luk. 17:10).
Hierdie beloning veronderstel dat daar, afhangende van die grootte van die beloning, 'n verskil in heerlikheid tussen die gelowiges hiernamaals sal wees. Tog sal dit nie so wees dat die een met 'n mindere heerlikheid afgunstig sal wees op die een met 'n meerdere heerlikheid nie. Om dit vir ons begryplik te maak, verduidelik ds. J.G. Feenstra dit met die volgende beeld: Ek neem tien glase van verskillende grootte en vul hulle almal tot oorlopens toe met wyn. Nou kan ek inderdaad sê dat al die glase vol wyn is, en tog het die een glas meer wyn as die ander. So is dit nou ook hiernamaals: al die kinders van God sal vol wees van die heerlikheid van God en tog sal, afhangende van elkeen se beloning, die een se heerlikheid groter wees as die van die ander.[54] So sal die apostel Paulus, wat so baie gedoen het in die koninkryk van God, 'n groter beloning en daarom 'n groter heerlikheid hê as die misdadiger wat aan die kruis heel aan die end van sy lewe tot bekering gekom het. Tog sal die een met 'n mindere heerlikheid nie jaloers wees op die een met 'n meerdere heerlikheid nie, want almal sal na sy of haar eie mate so vol wees van die heerlikheid van God dat daar niks kan bykom nie.

## ***6. ALTYD BY DIE HERE***

Die einde en hoogtepunt van alles sal daarin bestaan dat ons eenmaal altyd by die Here sal wees. Dit dui Paulus kort en kragtig aan as hy sê: "En so sal ons altyd by die Here wees" (1 Thess. 4:17).

Altyd by die Here!.

Die bruid altyd by die Bruidegom!

Daarin sal die bestendige vreugde van die ganse ongedeelde kerk van Christus bestaan. Ons sal by Hom wees wat ons gekoop het met sy bloed. En daarin: om altyd by Hom te wees, om ons altyd te kan verlugtig in die koesterende warmte van sy nooit volprese liefde - daarin sal ons ons almal verheug en daardeur sal al die gelowiges ook aan mekaar gebind wees.

Ons sal mekaar ook na die opstanding uit die dode ken en herken. Maar die vleeslike-

---

[54] *J.G. Feenstra, a.w., bl. 302.*

en bloedbande wat ons op aarde aan mekaar gebind het, sal dan heeltemal wegval, Slegs geestelike bande sal ons dan aan mekaar bind. Daarom sal ons groot vreugde ook dan nie daarin bestaan om weer bymekaar te wees nie maar om vir ewig <u>saam</u> by die Here te wees.

# HOOFSTUK V

## EINDOORDEEL EN EWIGE BESTEMMING

### *1. DIE OORDEELSDAG*

As die wêreldgeskiedenis afgeloop het, die laaste dag aangebreek het, Christus gekom het en die dooies opgewek is, dan verskyn alle mense voor die regterstoel van Jesus Christus om geoordeel te word. [55]

Dit is vir ons moeilik om ons voor te stel hoe dit moontlik is dat al die miljoene en miljoene mense voor Hom kan verskyn. Tog leer die Skrif ons dat dit wel sal gebeur en ons moet maar wag tot op dié dag om dan self te sien hoe dit sal gebeur.

Watter verskil daar hier op aarde ook al tussen die mense was, op die oordeelsdag sal almal dit gemeenskaplik hê dat hulle voor die regterstoel van Christus sal staan om geoordeel te word. Voor Hom verskyn dan: rykes, maar sonder geld; rykskanseliers , maar sonder waardigheid; konings, maar sonder krone; geleerdes, maar sonder grade en titels; deftige dames, maar sonder modieuse kleding. Niemand sal die oordeel kan ontvlug of daarvan verskoon word nie. Al sal sommige die berge en die heuwels smeek om hulle te bedek voor Hom wat op sy regstroon sit, dit sal nie gebeur nie (Openb. 6:12-17).

Hoewel soveel miljoene en biljoene mense voor die regterstoel sal verskyn, sal dit tog nie 'n massale oordeel wees wat uitgespreek word nie. Nee, die oordeel sal persoonlik en indiwidueel wees. Paulus beklemtoon dit ook as hy sê: "Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad" (2 Kor. 5:10).

Daarby kom dat elkeen publiek, voor almal, geoordeel sal word. Dit sal geen verhoor agter geslote deure wees om ons sondes en skandes voor die oë en ore van ander te bedek nie. Wat ek gedoen het, sal aan almal bekend word.

Hierdie grootse gebeurtenis word treffend deur prof. G.C. Berkouwer soos volg beskrywe: Met die wederkoms van Christus staan alle dinge onbedek voor die aangesig van God, voor die troon van Christus, voor die troon van die Lam. Hier word die slegte nie meer goed genoem nie en die goeie nie sleg nie; die duisternis word nie meer voorgestel as lig en die lig as duisternis nie, of wat bitter is as soet en wat soet is as bitter nie, omdat aan alle verleuening van die lewe die einde, die radikale einde

---

[55] *Th. Delleman huldig die standpunt dat slegs die goddelose mense by die wederkoms van Christus voor Hom verskyn om geoordeel te word, aangesien die gelowiges - volgens hom - onmiddellik by hulle dood reeds voor Christus verskyn en dan na liggaam en siel die ewige saligheid beërwe (Th. Delleman, a.w. bl. 134). Teenoor hierdie opinie hou ons vas aan ons belydenis wat verklaar dat "alle mense, manne sowel as vroue en kinders, wat van die begin van die wêreld af tot die einde toe bestaan het" dan voor Christus sal verskyn om geoordeel te word (Nederlandse Geloofsbelydenis Art 37).*

kom. Dit is die onontwykbaarheid van die wederkoms. [56]

Hoe dit sal gebeur, teken Johannes vir ons in Openb. 20:12: "En die boeke is geopen .... En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke"!

Volgens artikel 37 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis moet onder hierdie boeke verstaan word die gewetens van die mense. Dit beteken dat elkeen van ons, of ons dit wil weet of nie, besig is om 'n boek te skrywe, die boek van ons eie lewe. Onverganklik word elke daad, woord en gedagte in hierdie boek ingegrif. Presies wat ons gedink, gedoen en gesê het elke dag, elke uur en minuut van ons lewe, staan onuitwisbaar in dié boek opgeteken. Die diepste dryfvere agter elke daad en woord en gedagte word daarin weergegee. Daarom, as dié boeke geopen word, sal ons ganse lewe van begin tot end oop en bloot voor ons lê.

Ons dink soms dat dinge wat ons gedoen het vir goed verby is en dat geen haan ooit weer daarna sal kraai nie. Ons slaag soms daarin om lelike dinge wat ons gedoen het te begrawe in die begraafplaas van vergetelheid, of om dit toe te brand met die brandyster van 'n onverskillige lewe wat in ligsinnige wêreldse vermaak ontvlugting soek van 'n aanklaende gewete. Ons kry dit soms reg om 'n gedane onreg ons hele lewe lank verborge te hou vir man, vrou of kind, vir vader of moeder, vir vriend of vriendin. Maar voor God bly nie een van al daardie dinge vergete nie. Hy sorg dat dit haarfyn in die boeke van ons gewetens opgeteken word. En eenmaal, op die laaste dag .... dan word dit aan alle mense bekend en vorm dit 'n verdoemende getuienis teen my.

Uitdruklik sê Christus dat ons rekenskap sal moet gee van elke ydel woord wat ons uitgespreek het (Matt. 12:36). Christus sal ook rekenskap van ons vorder oor wat ons gedoen het met die talente wat Hy aan ons gegee het (Matt. 25:14-30). Ook sal Hy oordeel of daar by ons ware liefde tot ons naaste was wat gewortel en gegrond is in Christus se groot liefde tot ons, sodat ons aan die wat honger was kos gegee het om te eet , aan die dorstiges iets te drinke, die siekes besoek het, ens. (Matt. 25:31-46).

Die wat nie in Christus geglo het nie en sy soenverdienste tot ons verlossing verwerp het, sal veroordeel word en weggestuur word na die ewige smarte in die hel. Vir hulle wag die bitterste lyde na liggaam en siel.
Die wat egter wel in Christus geglo, Hom gedien en geëer het, sal op grond van sy soenverdienste vrygespreek word en die ewige lewe en geluksaligheid beërwe. Dit is hulle wie se name ook geskrywe is in die boek van die lewe (Openb. 20:12,15). Hoewel hulle werklik skuldig is, sal hulle tog, uit genade deur die verlossingsdaad van die Here, ewige redding en saligheid verkry. Daarom hoef hulle die oordeelsdag wat kom ook nie met vrees en bewing tegemoet te gaan nie, want hulle weet dat die Regter voor Wie hulle sal verskyn, self met sy eie bloed vir al hulle sondes ten volle betaal het. Hy, die Regter, wat self eenmaal in ons plek en belaai met ons sondes voor God as Aangeklaagde en Beskuldigde gestaan het, sal op grond van sy eie soenverdienste sy kinders vryspreek en hulle die ewige lewe laat beërwe.

[56] G.C. Berkouwer: *De wederkomst van Christus I, Kampen, 1961, bl. 201.*

## *2. DIE EWIGE DOOD (DIE HEL)*

In die voorgaande het ons gesien dat die mensdom op die oordeelsdag in twee groepe verdeel word: die gelowiges wat die ewige lewe (die saligheid) ingaan en die ongelowiges wat die ewige dood (die hel) ingaan. Aan die eindbestemmings van elkeen van hierdie groepe moet nou verder aandag geskenk word.
Eerstens wys ons op die eindbestemming van die ongelowiges in die hel.

### 2.1. DAT DAAR 'N HEL IS

Die bestaan van die hel is in die loop van die eeue deur baie mense ontken. Die redes wat hulle daarvoor aangevoer het en nog aanvoer, was en is velerlei. Meesal word gesê dat God liefde is en dat so 'n straf in stryd sou wees met sy liefde. Ander sê weer dat hulle reken dat die mense - altans sommige - hulle hel reeds hier op aarde het. Nog ander loën die bestaan van die hel omdat hulle nie die nut daarvan kan insien nie. [57]
Hoe hierdie sienings omtrent die hel ook al van mekaar verskil, hulle het almal dit in gemeen dat dit menslike opinies is wat pogings van die menslike hart verraai om die verskriklikheid van die ewige straf te omseil en die boodskap van die eindgerig vir die mense aanneemliker te maak.

Teenoor hierdie menslike opinies staan daar die getuienis van die Skrif dat daar wel 'n hel is. So het Christus self byvoorbeeld verklaar: "Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele .... En hulle sal weggaan in die ewige straf" (Matt. 25:41,46).

Wie die bestaan van die hel loën, kom dus in botsing nie met die leer van mense nie maar met die leer van Jesus Christus self.

Ons kan en mag God se liefde nie uitspeel teen sy toorn nie, want God se liefde is 'n heilige liefde, 'n liefde wat brand en verteer as dit vertrap en verag word. Bowendien staan daar nie net in die Bybel dat God liefde is nie (1 Joh. 4:8), maar daar staan net so duidelik dat God 'n verterende vuur is (Hebr. 12:29).

### 2.2. WAT DIE HEL IS

Wat die hel presies is, word met verskillende woorde en beelde aan ons voorgehou.

Die woorde waarmee die hel in die oorspronklike tale aangedui word is "gehinnom" of "gehenna" en dit is afgelei van die dal van Hinnom wat naby Jerusalem geleë is. In die tyd van konings Agas en Manasse van Juda is in daardie dal kinders geoffer aan die afgod Molog. Dit was 'n gruwelike, duiwelse godsdiens. Daarom het die vrome koning Josia die plek laat verwoes en dit as onrein verklaar. Later het dit die ashoop van Jerusalem geword waar allerlei onreinheid weggegooi en verbrand is. Dooie diere en die liggame van veroordeeldes is daar gegooi om aan verrotting en verbranding oorgegee te word. Hier was inderdaad vure wat nie uitgeblus is nie en wurms wat

---

[57] *Vgl. H. Berkhof: Gegronde verwachting, Nijkerk, 1967$_a$ bl. 50, 51, 65, 70.*

voortdurend verteer het. Hierdie dal van Hinnom het nou op grond van alles wat daarin plaasgevind het in die Woord van God die simbool en profesie van die hel} die ewige huis van smarte, geword.

Rondom die beeld van hierdie verskriklike plek sentreer baie Skrifgedagtes van die hel. So noem Christus die hel "die onuitbluslike vuur, waar hulle wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie" (Mark. 9:45, 46). In Openb. 14 word weer gespreek van die rook van pyniging wat opgaan tot in alle ewigheid waar dag en nag geen rus is nie (Openb. 14:11). Ook word daarvan gespreek as die vuuroond (Matt. 13:42,50) en die verderf (Matt. 7:13).

In 'n ander verband word die hel genoem die buitenste duisternis waar geween sal wees en gekners van die tande (Matt. 25:30).

Die vraag kom by 'n mens op hoe dit moontlik is dat die hel sowel met vuur as met duisternis aangedui kan word, want vuur wat lig maak en duisternis sluit mekaar tog uit. Ons weet nie. By God is alle dinge egter moontlik. Hy kan vuur laat brand sonder dat dit lig maak.

In elk geval dui hierdie tweërlei benaming op die twee kante van die hellelyde: 'n negatiewe en 'n positiewe.
Die duisternis wys op die negatiewe kant: om verstoke te wees van die lig en heerlikheid en ewige vreugde.

Hierdie negatiewe kant van die lyde sien ons ook in die woorde van Christus: "Gaan weg van My, julle vervloektes" (Matt. 25:41). Dit wys op uitsluiting en afsondering. Hulle mag nie deel in die heerlikheid van die gereddes nie. Hulle mag nie aansit aan die bruilofsmaal van die Lam nie.

Gaan weg van My af! Dit beteken dat die band met God en met Christus geheel en al van hulle losgemaak word. Hier op aarde het hulle nieteenstaande hulle sondes nog gedeel in die guns van God: Hy het sy son oor hulle laat skyn; Hy het op hulle lande laat reën; Hy het hulle arbeid geseën. Maar van die oomblik af dat Christus aan hulle sê: "Gaan weg van My ...." moet hulle daardie goedheid van die Here ontbeer. Dan sal hulle begin ervaar wat Christus gely het toe Hy uitgeroep het: "My God, my *God*, waarom het U My verlaat?".

Hulle sal egter nie net van God verlate wees nie, maar ook tussen die mense in die hel sal daar geen gemeenskap en saamverbondenheid wees nie. Waar 'n mens hier op aarde darem nog naasteliefde of mensliewendheid kry waarin die een mens omsien na die belange en welstand van die ander , daar sal in die hel van so iets nie sprake wees nie. Daarom kan 'n mens ook sê dat dit in die hel ontsettend koud sal wees - koud omdat daar hoegenaamd geen warme liefde vir en medelye met mekaar sal wees nie.

Gaan weg van My af! .... Verlaat! .... Buite! So word die rampsaligheid negatief aangedui.

Daardie lyde het egter ook 'n positiewe kant: die vuur wat brand en nooit uitgedoof word nie; die wurm wat aanhoudend knaag sonder om te sterf ; daar sal pyn en geween en knersing van tande wees; verdrukking en benoudheid sal ondervind word;

die siel sal onophoudelik verteer word deur wroeging en spyt. Kortom, die lyde daar sal onbeskryflik wees. Dan sal eers die volle diepte van die woord van Christus verstaan word toe Hy gesê het: "Moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel" (Matt. 10:28).

Natuurlik sal almal nie dieselfde lyde en smarte ondervind nie. Die Skrif leer ons dat daar verskillende grade van straf sal wees. Dit sal vir Sodom, die goddelose stad, verdraagliker in die oordeelsdag wees as vir Kapernaüm, die bevoorregte stad waar Christus so baie gepreek en soveel van sy tekens en wonders verrig het. Op 'n ander plek sê Christus dat die wat die weg geken het en dit nie bewandel het nie met baie slae geslaan sal word , maar die wat die weg nie geken het nie en gedoen het wat slae verdien, met min slae geslaan sal word (Luk. 12:47,48).

Uit al hierdie Skrifuitsprake blyk duidelik dat die hel inderdaad 'n oord van verskrikking en 'n ewige huis van smarte genoem kan word.

## 2.3. VIR WIE DIE HEL BESTEM IS

Behalwe dat die hel bestem is vir die duiwel en sy engele (Matt. 25:41) en vir die Antichris en die Valse Profeet (Openb. 20:10), is dit verder die eindbestemming van al die ongelowige en goddelose mense.

In die Openb. 21:3 lees ons: "Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars - hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood".

In Matt. 25 word gesê dat Christus dié aan sy linkerkant weggestuur het na die ewige vuur. En wie is hulle? Christus sê dit is dié wat toe die geringste van sy broeders honger gehad het, nie aan hulle kos gegee het nie; toe hulle dors gehad het, nie aan hulle te drinke gegee het nie; toe hulle siek en in die gevangenis was, hulle nie besoek het nie. Met ander woorde , dié in wie se lewens daar geen werklike liefde tot hulle medemens gewees het as dankbare antwoord vir die groot liefde wat Christus aan hulle bewys het nie.

> Dit kom dus daarop neer dat almal wat glad nie of nie werklik in Christus geglo het nie, weggestuur sal word na die ewige straf.

Die Skrif leer ons dat daar baie sal wees wat reken dat hulle die reg het om in die ewige heerlikheid in te gaan maar dan sal moet hoor: "Gaan weg van my ..." Christus waarsku ons trouens ook: "Stry hard om in te gaan deur die nou poort, want baie, sê Ek vir julle, sal probeer om in te gaan en sal nie in staat wees nie" (Luk. 13:24). Hulle sal hulle daarop beroep dat hulle in Christus se teenwoordigheid geëet en gedrink het - miskien aan die Nagmaalstafel - en dat hulle in sy Naam baie kragte gedoen het - miskien soos die moderne "gebedsgenesers" - maar Christus se antwoord aan hulle sal wees: Ek ken julle nie .... Gaan weg van My af!

Uit die leerstuk aangaande die hel vloei daar vir die gelowige egter ook om Christus ontwil 'n heerlike troos voort. Daarop vestig ons Kategismus baie duidelik die aandag. As gevra word: "Waarom volg daar: Wat neergedaal het na die hel?", dan word geantwoord: "Dat ek in my swaarste aanvegtinge seker kan wees en myself volkome kan vertroos dat my Here Jesus Christus deur sy onuitspreeklike benoudheid, smarte, verskrikking en helse kwelling waarin Hy in sy ganse lyde (maar veral aan die kruis) versink het, my van die helse benoudheid en pyn verlos het" (H. Kat. vr. en antw. 44).

## *3. DIE EWIGE LEWE (DIE SALIGHEID)*

Die bestemming van die ware kinders van God na die wederkoms van Christus is die nuwe aarde waarop hulle die ontuitspreeklike saligheid en heerlikheid van die ewige lewe sal smaak. Dan ontvang hulle die onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis wat Christus vir hulle verwerf het en wat in die hemele deur God vir hulle bewaar is tot by die wederkoms van die Here (1 Petr . 1:4,5).

As 'n mens oor die ewige lewe begin nadink, kom daar baie vrae by jou op - vrae waarop nie altyd antwoorde gegee kan word nie, omdat die Woord van God ons daarop geen antwoorde gee nie. Aan die hand van wat ons egter wel hieroor in die Skrif gebied word, wil ons op enkele vrae hier antwoord probeer gee.

### 3.1. HOE SAL DIT OP DIE NUWE AARDE WEES?

Uit die wêreldbrand van die einde waarin die werke van die mens verbrand sal word , sal hierdie selfde aarde waarop ons nou woon in 'n nuwe, gelouterde, heerlike en heilige gedaante te voorskyn tree. God self sal alles nuut maak. En as God dit nuut gemaak het, dan bly dit in die gloed van daardie nuutheid en heerlikheid vir ewig pryk.

Wat hierdie nuutheid van die nuwe aarde beteken, word nou in die Skrif feitlik net op negatiewe wyse aan ons voorgehou. Daar word eintlik alleen gesê hoe dit op die nuwe aarde nie sal wees nie en wat daar nie gevind sal word nie, omdat die heerlikheid van die nuwe aarde so ver uitstyg bo ons menslike bevattingsvermoë dat dit onmoontlik is om in menslike taal en woorde positief te sê hoe dit op die nuwe aarde sal wees. Paulus sê dat daardie heerlikheid so sal wees soos geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens ooit opgekom het nie (1 Kor. 2:9). Daarom word die huidige aarde as't ware met die nuwe aarde vergelyk en - sodat ons iets van die ewige heerlikheid kan verstaan - word ons getoon wat daar nie gevind sal word nie wat tans nog op hierdie aarde gevind word.

So lees ons dat daar op die nuwe aarde geen see meer sal wees nie (Openb. 21:1).

Hoewel die see deur God geskape is voor die val van die mens, het die see tog in die Skrif 'n minder gunstige betekenis. In hierdie bedeling is die see eintlik die teken van onrus en stryd. Die bruisende, kokende voortgedrewe , deur storms opgesweepte waters, die golwe wat met mekaar bots - dit is die simbool van die nasies van die wêreld met hulle onrus (Ps. 65:8; Dan. 7:3; Openb. 13:1). Sowel Daniël in sy gesigte as Johannes in sy openbaring sien dan ook die diere wat beeld en simbool is van die

gruwelikhede van die aarde en van die Antichris uit die see opkom. Maar op die nuwe aarde sal alles vrede wees. Daarom sal die see met sy besondere simboliek daar ook nie meer wees nie. Bowendien sal die hele nuwe aarde 'n paradys wees en dit sou moeilik kon wees as so 'n groot oppervlakte deur water beslaan word.

Op die nuwe aarde sal dit ook nooit nag word nie (Openb. 21:25). Die duisternis waarin ongesiene gevare die woonplek en lewe van Gods kinders bedreig, sal vir altyd weg wees. Dit sal 'n ewige dag wees. Die ganse nuwe aarde sal sonder 'n enkele tussenpose verkeer in die heerlike stralende lig wat van God en die Lara uitgaan. Die Skrif verklaar immers uitdruklik dat, daar ook geen son en geen maan op die nuwe aarde sal wees nie, want die heerlikheid van God sal hom verlig en die Lam sal sy lamp wees (Openb. 21:23).

'n Woestyn met al die ellende wat dit herberg, sal daar ook nie gevind word nie, want Jesaja sê dat die dele wat vroeër woestyn was, dan sal juig en bloei; waterstrome en fonteine sal daar uitbreek (Jes. 35). Ja, op die nuwe aarde sal daar geen verdorring, veroudering of aftakeling kom nie. Geen onkruid, geen dorings en distels wat gevolge van die sonde is, sal daar meer wees nie. Alles sal nuut wees omdat dit in die mees volmaakte sin sal beantwoord aan hulle ewige bestemming. Die hele aarde sal 'n paradys, die lieflikste lushof wees en verkeer in 'n ewige lente.

Ook tyd en ruimte soos ons dit nou ken, sal daar nie meer wees nie. [58]

Die ewigheid van die mens hiernamaals beteken weliswaar nie dat die tyd geheel en al opgehef sal word nie, maar dat tyd en ewigheid dan saamvloei in dié sin dat die tydelikheid, die verganklikheid , die nie-tyd-hê-nie om te doen wat gedoen moes word of wat ons graag wil doen, dan sal verdwyn. Die kenmerk van ons aardse lewe is juis dat ons nie tyd het nie. Dáár sal ons altyd tyd hê. Die ewigheid van die mens beteken dat onbeperkte tyd die deel van die verloste kind van die Here op die nuwe aarde sal wees.

Die ewigheid van die mens sal anders wees as die ewigheid van God. God is immers verhewe bo die tyd en is sonder verlede, hede en toekoms soos ons dit ken, terwyl die ewigheid van die mens beteken dat hy in die tyd sal wees maar dan in 'n onbeperkte tyd.

Ook die ruimte sal nie verdwyn nie, maar die verheerlikte mens sal anders daarteenoor staan as nou. Jesus Christus het met sy verheerlikte liggaam na sy opstanding reeds aan Maria so onopsigtelik verskyn, die dissipels agter geslote deure besoek en voor hulle oë na die hemel opgevaar. Net so sal ons verheer1ikte liggame nie onderworpe wees aan die teenswoordige natuurwette en swaartekrag en wat daarmee saamhang nie. So word ook vir ons verstaanbaar dat Paulus in sy eerste brief aan die Thessalonicense kan sê: "Die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug" (1 Thess. 4:16,17) .

Ook hoe dit met die mense gesteld sal wees, word hoofsaaklik negatief in die Skrif

---

[58] *Oor tyd en ruimte hiernamaals₃ vgl. o.a. Th. Delleman, a.w., bl. 84-89; H. Berkhof, a.w. bl. 27-33; H. Berkhof: Christus - de zin der geschiedenis, Nijkerk, 1958, bl. 176.*

beskrywe. Daar sal by die mens dan geen trane meer wees nie, want God self sal al die trane van hulle oë af vee: trane van rou, trane van leed, trane van verlange, trane van pyn, trane van berou - dit alles sal vir goed weg wees omdat God die oorsaak van trane vir ewig sal wegneem. Ons lees immers dat daar geen dood meer sal wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan (Openb. 21:4). Geen siekte of kwaal sal daar bekend wees nie (Jes. 33:24). In die plek van trane sal daar kom 'n onuitspreeklike en ononderbroke geluk. Daar sal geen rede wees om te kla nie. Moeite sal iets vreemds wees. Louter vreugde en volkome geluk sal al wees wat ervaar sal word.

So kry ons op grond van al hierdie Skrifgegewens 'n geringe idee hoe dit op die nuwe aarde sal wees. Dit is 'n geringe idee, want dit wat ons van daardie saligheid vermoed en uit die Skrif kan aflei, is nie eers 'n druppel in die emmer nie. Ons kan ons nie by benadering 'n voorstelling maak van wat daar vir ons wag nie.

## 3.2. WAT SAL ONS VERHOUDING TOT GOD WEES?

Op hierdie vraag word ons in Openb. 21 soos volg geantwoord: "Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God".

Dit is die grootste en heerlikste van alles wat ons oor die ewige lewe meegedeel word. Dit is dié geheim van die saligheid en die heerlikheid. Die geheim van die ewige geluk lê trouens nie in die strate van goud en die pêrelpoorte nie, maar daarin dat God by en in die midde van die mense sal wees. Hy sal met sy geseënde teenwoordigheid onder hulle woon. Tussen Hom en die verloste mensheid sal 'n ewige, innige gemeenskap wees en niks sal hulle meer van mekaar skei nie.

Hierdie innige gemeenskap sal ook 'n volkome genieting by die verloste mensheid teweeg bring. Net soos twee geliefdes wat lank van mekaar geskei was en opreg na mekaar verlang het, dit so intens kan geniet om weer bymekaar te wees, so sal die kinders van God dit ewig en intens geniet om so by dié God te wees wat hulle so liefgehad het. Ja, van al die heerlikhede wat weggelê is vir die kind van God, sal dit die grootste wees dat God by ons sal woon en ons altyd by Hom sal wees.

## ***3.3. WAT SAL ONS DAAR DOEN?***

Op hierdie vraag kan kort en kragtig geantwoord word: Ons sal God dien.

Johannes sê in Openb. 21 dat hy op die nuwe aarde geen tempel, geen kerk gesien het nie. Dit beteken nie dat God daar nie gedien sal word nie, maar juis net die teenoorgestelde: God sal daar oral gedien word. 'n Aparte tempel sal glad nie meer nodig wees nie, want alles op die nuwe aarde sal tempel en kerk wees. Die nuwe aarde sal 'n reusagtige tempel wees waarvan die nuwe hemel die koepelgewelf sal vorm. Elke diens sal daar 'n altaardiens wees, elke daad 'n offerande, elke woord 'n lieflike geur vir die Here.

Ons diens aan die Here sal daar geen las wees soos dit menigmaal hier op aarde by ons is nie, maar 'n lus, ons grootste geluk.

In Openb. 22 lees ons dat daar enersyds van die verloste mensheid gesê word: "En sy diensknegte sal Hom dien". Andersyds word van hulle gesê: "En hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid". Hulle is dus diensknegte en konings tegelyk. Hulle diens is geen slawediens nie maar koningsdiens. Dit sal 'n vreugdevolle diens wees waarin hulle in alles wat hulle doen, God sal bely en Hom sal vereer met hulle lof en aanbidding.

Waarin ons diens aan die Here sal bestaan, kan nie presies gesê word nie, omdat die Skrif ons daaroor nie inlig nie. Omdat daar egter gesê word dat God se diensknegte Hom sal dien (Openb. 22:3) en dat hulle as konings sal regeer (Openb. 22:5), moet ons aflei dat ons in die ewigheid aktief besig sal wees. Elkeen sal 'n taak hê wat hy moet verrig - van watter aard dit ook mag wees. En uiteindelik sal elke taak en elke daad wat daar verrig word daarop neerkom dat God geroem, geprys en geëer sal word.

In hierdie diens aan God op die nuwe aarde sal elkeen se eie spesifieke talente en persoonlikheid ontplooi soos 'n blom wat oopgaan om sy volle skoonheid en prag te vertoon. Dit kan hier op aarde nie geskied nie, vanweë al die beperkings waaraan ons hier as gevolg van die sonde onderworpe is. Maar daar sal die talente en eie aard van elkeen soos wat God aan hom of haar gegee het op die heerlikste wyse tot ontplooiing kom en juis daarin sal ook die veelkleurige wysheid van God geopenbaar word wat aan elke mens 'n besondere karakter en gawes geskenk het.

Dwarsdeur die diens wat die gesaligdes dan sal verrig, sal egter altyd hulle lofsang tot eer van God gehoor word waarin hulle God prys vir die heerlike verlossing wat Hy hulle deel laat word het. Voortdurend sal hulle juig: "Die Lara wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof .... Aan Hom wat op die troon sit en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid" (Openb. 5:12,13).

Dit is die heerlikheid wat weggelê is vir die kind van God, die heerlikheid wat Christus deur Sy bittere lyde vir ons verwerf het - so ver ons daar nou iets van kan verstaan. Dit is wat wag vir hulle wat waarlik in Christus glo, maar wat hulle vir ewig moet mis, wat Christus verwerp.

## *DIE NUWE JERUSALEM*

*Hy het my die stad getoon,*
*groot en van die hemel dalend,*
*en, deur God se ligglans skoon,*
*soos 'n kleurgesteente stralend,*
*helder soos 'n kristallyn*
*wat in al sy klaarheid skyn.*

*Maar 'n tempel, skoon van bou,*
*(aan wat was nog steeds gedagtig!)*
*het my oog nie daar aanskou;*
*want die Here God almagtig*

*is sy tempel, en die Lam*
*is die helder altaarvlam.*

*En geen lig van son en maan,*
*wat hul wentel langs die transe,*
*sal daar op- en ondergaan;*
*God self skyn daar met sy glanse,*
*en die Lam is self die lig*
*waar 'n eewge nag voor swig.*

*Daar sal in dié heiligdom*
*niemand wat die kwaad bedrywe*
*ooit of immer binnekom.*
*Hul van wie die naam geskrywe*
*in die Lewensboek sal staan,*
*hulle sal daar binnegaan.*

*Skrifberyming 45:1,8,9,12.*